

# *DIE MERK VAN DIE DIER*

## *EN DIE SEËL VAN GOD <sup>1</sup>*



Laat ons bly staan, net 'n oomblik nou, vir gebed.

<sup>2</sup> Ons Hemelse Vader, ons is dankbaar, inderdaad, vir die voorreg om saam te vergader in die Naam van die Here Jesus. Nou lê U Woord voor ons, en, o, hoe ons Dit sag hanteer, Here, en eerbiediglik omdat Dit die Woord van God is.

<sup>3</sup> En dit moet dit wees, U wil wees dat ek 'n groot onderwerp moet probeer verduidelik, vanaand. En ek bid, Vader, dat die Heilige Gees my woorde sal gee om te sê wat voordelig sal wees vir die kerk, en—en vir die bevordering van die Koninkryk van God. Skenk dit, Here. U is ons Vader, en ons het U lief met ons hele hart, en ons bid nou dat U ons sal seën.

<sup>4</sup> En terwyl ek dink wat ek sou doen as ek in my hande gehad het, vanaand, in 'n—'n glas, net een druppel van die Bloed van die Here Jesus, hoe ek dit teen my hart sou vashou! En net, o, ek sou amper bang wees om asem te haal. Maar dan, Vader, in U oë, het U iets groter in my hande gegee, die gekooptes van U Bloed, U Kerk, waarvoor U U Bloed gegee het, om Dit te red. Nou, help ons, Here, dat ons die kudde van God kan voed waarvan die Heilige Gees haar opsieners gemaak het. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

<sup>5</sup> Mag maar sit. Ons vertrou die Here Jesus om Sy seëninge op ons af te stuur. Ek was net in die kamer 'n paar minute gelede, en iets het my net geskud. Hoeveel ken vir Raymond Richey? Hy sit daar agter in die kamer, ek het pas vir hom gebid. En hy het homself oorwerk, en veroorsaak dat hy 'n ineenstorting en 'n beroerte gekry het; verskriklike toestand, lieflike broer.

<sup>6</sup> Die keer, Broer Raymond het net daar op die platvorm gestaan daardie aand toe die Engel van die Here afgekom het voor duisende mense toe ek gesê het as . . . toe Dr. Best gedebateer het oor, met Dr. Bosworth, oor my bediening, en ek gesê het: "Ek maak nie aanspraak om 'n geneser te wees nie." Ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Niks behalwe 'n klomp holy-rollers sou dit glo nie."

<sup>7</sup> Ek het gesê: "Hoeveel Baptiste hier, wat lidmate van hierdie Baptiste kerke is, kan sê, en kan bewys dat hulle deur die Here genees is, steek julle hand op." En omtrent, o, ek reken, driehonderd of meer het opgestaan, en ek het gesê: "Wat van hulle?" Sien?

8 En so toe het hy . . . Ek het gesê: “Mense glo in Goddelike genesing.” Ek het gesê: “Ek’s nie—ek’s nie ’n Goddelike geneser nie, ek maak nooit daarop aanspraak nie.” Ek het gesê: “My literatuur is gepubliseer in baie verskillende tale,” ek het gesê: “ek het nooit aanspraak gemaak om ’n—’n geneser te wees nie.” Ek het gesê: “Ek—ek maak net aanspraak om God se dienskneg te wees.”

9 En ek het gesê: “Nou, as die gawe van God, wat Hy aan my gegee het met die onderskeiding,” ek het gesê: “nou, as dit ter sprake is, sal God vir Homself spreek.” Omtrent daardie tyd hier het Hy afgekomb, afgekomb soos *daardie*. Dis toe hulle die foto Daarvan geneem het.

10 En hy het vir my gesê, het daaragter op sy knieë gegaan, nadat ek vir hom gebid het, sy arm om my gesit, gesê: “Ek het ’n boodskap vir jou.”

“Wat?”

11 Gesê: “Hou op om te hard te preek, en te lank.” Hy het gesê: “Jy gaan net dieselfde oorkom wat ek het.” Ek het dit amper eenkeer gedoen, in elk geval. Gesê: “Broer Branham,” gesê: “in daardie visioene en dinge, ek sien hoe dit op jou werk.” Gesê: “Ek het net aangehou,” gesê: “ek het een pouse gehad,” toe het hy oorsee begin, nog een gehad, en daar is hy, God hom nie aanraak nie, is hy net lewenslank gedaan.

12 So, hy het gesê: “Jy kan niks meer gedoen kry nie.” Gesê: “Daar sal sommige wees wat sal sê: ‘*Dit, dat, of dit, of dat, of sovoorts,*’ maar,” gesê: “dit sal dit nie beter maak nie.” Gesê: “Solank jy die . . . jou bediening doen, die mense wys dat God jou gestuur het,” gesê: “dan handel dit dit af, volstaan net daarmee.” Gesê: “As—as hulle nie wil nie,” gesê: “as hulle nie . . .” Gesê . . .

13 Hy het my daarbinne laat belowe met my hande in syne, gesê: “Moet dit nie meer doen nie, Broer Branham. Onthou, ek is gewaarsku deur die Here om vir jou te sê, jy gaan in dieselfde toestand beland as ek,” sien: “as jy dit nog doen, begin dit doen.”

En ek het gesê: “Goed, Broer.”

14 Moet dit nie vir my vrou sê nie, sy het Billy, en hulle wat oral gereed staan, en Leo, en Gene, en almal van hulle, as hulle my die geringste bietjie moeg sien, wel, dan is hulle veronderstel om my van die platvorm af te haal, of ek nou wil gaan of nie. En as sy geweet het ek sou rondsteier oor die platvorm soos daardie, wel, sou sy huil, aangaan. So ons . . . Jy kan net *soveel* doen, jy weet, en jy kan nie meer doen nie, dis al.

15 Ek onthou eenkeer Paul Rader . . . Hoeveel het hom ooit gekeken? Sekerlik, Paul Rader was ’n groot man van God. Het eenkeer ’n storietjie vertel, gesê hy het op ’n trein gegaan, en gesê hy was saam met ’n ander man, en gesê hierdie man het hom probeer terugkry omdat hy het daardie nag in ’n slaapwa geslaap

het. Gesê by die ontbyt volgende oggend, het 'n groep predikers wat iewers na 'n konvensie op pad was, gesê hierdie man het reg langs Paul gesit, en gesê: “Wel, prys God.” Hy het gesê: “*Ahem!* Ek het gisteraand in 'n treinwa gesit,” en gesê: “ek het die Here 'n bietjie geld gespaar.”

16 Paul het gesê: “Prys God, ek het 'n slaapwa geneem en die Here se man gered.” In watter een is Hy meer—meer geïnteresseerd? Sy geld of Sy man? Sy man, altyd. Ons is so bly daaroor.

17 En nou, ek het gisteraand 'n wonderlike tyd gehad, het ek self gedink. En net toe ek besig was om te gaan die—die aantrekkingskrag van die mense, van die Heilige Gees, Hy het reg onder die mense afgekom, en begin onderskeiding gee reg in die diens. Hoe wonderlik was dit nie! Sien, en vir my, dit laat toe dat daar vir almal by die diens gebid word. Sien? Sien? Nou, ek het gesê: “Hoeveel hier . . .?”

18 Nou, God het belowe Hy sou dit doen. Nou, dis Sy Woord, is dit nie? Nou, God hou Sy Woord, nie waar nie? Toe het ek gesê: “Nou, hoeveel hier is gelowiges? Steek julle hande op.” Almal het hulle hande opgesteek. Ek het gesê: “Nou, lê julle hande op mekaar. Nou, die Bybel het gesê: ‘Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.’” Toe het ons vir almal gebid, dit was 'n verenigde hand saam vir die Koninkryk van God. O, goeiste, vir my, is dit net perfek. Sien?

19 Ek was by 'n vulstasie vandag, het bietjie petrol gekry, hier oorkant iewers, en 'n kêreltjie het uitgekome, na my gekyk, gesê: “Jy's Broer Branham!”

Ek het gesê: “Ja.” Omtrent 'n myl hier oorkant, of iets.

20 En hy het gesê—gesê: “Ek is Broer Roberts,” en hy het gesê: “my moeder is beslis genees van hartprobleme vandat jy daaronder by Gemeentes of God kerk was.” Gesê: “Sy het 'n swaar verkoue gekry,” gesê: “sy het nie een sweempie van hartprobleme gehad vandat sy uitgeroep is nie,” wat dit ook al was, sien, nie een nie.

21 En gesê: “Sy het 'n swaar verkoue,” en gesê: “as sy weet dat ek jou hieronder ontmoet het, en sy weet jy bid vir haar,” gesê: “sy sal daar by die diens wees, vanaand.” Gesê: “Sy wil probeer afkom vir Sondagaand as sy moontlik kan.” Sy behoort waarskynlik aan 'n ander kerk, maar sy is hier genees, so ons is bly daaroor.

22 En sien die heelyd getuienisse inkom van verskillendes. En ek ontmoet mense wat genees is in 1946 en '47 toe ons hier was, ver terug in die verlede, steeds aan die gang, nog nie enige probleme gehad nie.

23 Daar was 'n dame iewers, ek het pas haar brief gekry, ek dink vandag. Sy sit hierbinne, in die kerk veronderstel ek, vanaand. Sy

het gekom. . . Sy is hier genees toe ek hier was in '46 of '7, iewers, van 'n kanker. En toe het sy later 'n groot gewas gekry, en die gewas was so groot dat hulle haar oral moes dra waar sy gegaan het, soos *hierdie*. En dit was te groot vir 'n operasie, so hulle het haar na Jeffersonville toe gebring.

<sup>24</sup> En ek was daarbinne by die tabernakeltjie vir een aand, en 'n paar mans het haar oorkant in 'n hoek laat sit, en gesê dat—dat ek. . . Sy het pas verbygekom 'n paar weke gelede en my gewys wat gebeur het. En sy was so groot, dat sommige van die diakens en trustees van die kerk. . . Sy wou voor gebid word, en by die tabernakel bid ek partymaal nie meer vir die mense behalwe om net op te staan op Sondagoggend nie, miskien, wanneer ek daar is; nie baie dikwels daar nie.

<sup>25</sup> En hulle het haar omgedra en haar op die grond gesit, agter buite die plek waar ek uitgegaan het, en in die verbygaan, het die Heilige Gees toevallig sywaarts gekyk, my sywaarts laat kyk, en haar gesien, haar daarvan vertel, hande op haar gelê, en sy's net so normaal soos enige ander persoon.

<sup>26</sup> En ek het haar brief gekry. Ek wonder of die dame hierbinne is vanaand, haar hand sou opsteek? Sy was nou die aand in die kerk, sy en haar man, hulle is hier, glo ek. Hy—hy het verbygekom in 'n karavaan, en net onlangs buite my huis gestop en—en met my gepraat.

<sup>27</sup> En ek glo sy het gesê dat sy 'n vriendin van Broer Mercier se moeder geword het, of so—iets, het sy vir my gesê in die brief. En ek het gedink miskien sou sy hier wees. Die brief is verlede week geskryf. Maar ek. . . (Wat?)

<sup>28</sup> Oorkant in die regtervleuel, is die mense, wat Broer Mercier, of, Broer Goad gesê het. Die dame is in die regtervleuel wat die groot gewas gehad het, wat by die huis was en genees is. As sy daar iewers in die regtervleuel is, waarom stap jy nie hier uit en laat die mense sien wat God kan doen vir iemand wat regtig—regtig genees is nie, terwyl sy so groot was, sy moes rondgedra word. Is dit. . . ? Nie daaragter nie? Wel, hulle moes net uitgegaan het. Broer Goad het gesê dat hulle 'n rukkie gelede daar gesit het. As julle hulle sien, wil ek graag hê sy moet die getuienis gee.

Net so plat soos ek is, en sy was net omtrent soos *hierdie*, uhhuh, met 'n gewas. En hoe die Here. . . As ons net. . .

<sup>29</sup> Nou, kyk, nou wat het ek van God gesê? Hy sal mo-. . . As iemand anders met so 'n groot gewas, sal optree op dieselfde manier wat sy opgetree het, moet God optree op die manier, dieselfde manier teenoor jou as wat Hy teenoor haar opgetree het. As Hy nie het nie, het Hy ge-. . . het Hy verkeerd opgetree toe Hy haar genees het. Sien? God kan nie 'n fout maak nie, so wat Hy vir een doen, moet Hy vir die ander doen. Nou, daar's net een vereiste: As jy net dieselfde eenvoudige geloof sal hê, dis al.

<sup>30</sup> 'n Vrutjie hierbo iewers by 'n plek met die naam van *Eureka*, ek dink dis Eureka, Kalifornië, Ek het jare gelede afgekom en ek het nooit enigiemand gesien. . . hulle kon haar nie eens van die bed afskuif nie. Wel, haar koppie, tot waar sy opgeswel was, verskoon dit my susters, as julle sal, die bors van die vrou het reguit opgesteek soos *hierdie*, julle sien, van waar sy uitgeswel was met hierdie gewas. En haar man het 'n taxi bestuur.

En ek het gesê: “Broer, ek sien nie hoe. . .” My geloof het selfs verswak toe ek daarna gekyk het. En ek het gesê: “Het jy 'n dokter gehad?”

Gesê: “Ons glo nie daarin om dokters te hê nie.”

Gesê: “Wel, goed.”

Gesê: “As sy sterf, sterf sy, maar ons vertrou God.”

Ek het gesê: “Goed, dis regtig geloof.”

Gesê: “Enigste ding wat ek wil hê jy moet doen, is om daar in te gaan en jou hande op my vrou te sit en vir haar te bid, Broer Branham, en sy sal genees word.”

<sup>31</sup> O, goeiste! Ek—ek sal moet erken hy het 'n bietjie meer geloof gehad as wat ek gehad het, dis reg. Ek het pas begin, ek was omtrent 'n jaar, ek het nog nooit gesien dat iets soos daardie gedoen word nie. En gegaan en hande op daardie vrou gelê, en weet julle wat?

<sup>32</sup> Nou, hierdie is haar storie in 'n brief, sy mag nou net hier wees, haar sy het oopgebars, en liters water het uit haar uitgevloei. Dit het net weer genees, en sy is, omtrent, af na omtrent 'n honderd en iets pond, honderd vyf, tien pond. Sy doen nie net haar eie werk nie, maar sy doen al die bure se werk. So, gaan reguit op-en-af in die straat, gaan soontoe en sorg vir hulle kinders, was vir hulle en sulke dinge. Gaan net. . .

<sup>33</sup> Nou, as dieselfde persoon, 'n ander persoon, op daardie selfde basis nader, moet Hy dieselfde ding doen, of as dit nie was nie, dan het Hy iets verkeerd gedoen. Hy het dan iets verkeerd gedoen toe Hy daardie—daardie een vrou genees het, en haar op daardie manier genees het, dan het Hy iets verkeerd gedoen toe Hy—toe Hy haar genees het, as Hy—as Hy nie het. . . as Hy nie die. . .

<sup>34</sup> As Hy—as Hy haar genees het, dan as Hy jou nie genees nie, Hy het toe verkeerd opgetree toe Hy die eerste een genees het, as jy aan dieselfde vereistes van geloof sal voldoen wat sy het. Dis net gebaseer op een ding: “Ek kan as jy glo.” Dis al. So, sien, dan lê dit alles terug, maak nie saak hoeveel spanning, of wat ons daarop sit nie, dis nie dit nie, dis om te ontspan en te glo. Sê: “Ek's. . .”

<sup>35</sup> Daar gaan ek weer, Broer Roy. Sien? Het jy die Skrif vir my gelees? Ek is gevra om te praat oor die onderwerp, of ek het self gesê dat ek sou, liever, oor die onderwerp van *Die Merk Van*

*Die Dier En Die Seël Van God.* Nou, dis 'n groot onderwerp. En ek dink dat ons dalk nie daardeur gaan kom vanaand nie, dit miskien moet oordra na môre-aand.

<sup>36</sup> En diegene wat nou onderhoude het, ek glo Mnr. Mercier het gesê ons sou om agtuur in die oggend begin. Nou, ek het privaat onderhoude waar die mense wil kyk vir die visioene, en dinge. Dis waar julle almal dit nie kry nie, julle sien, hier, dis deur die dag, ook, sien, en dan, in hierdie privaat onderhoude. So onthou nou, ek . . . wie ook al eerste in die oggend is, dit begin om agt. Nou, hy het my net 'n paar minute gelede gesê.

<sup>37</sup> Nou, oor hierdie groot onderwerp van *Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God*, ons het soveel daarvan gehoor. Dit was . . . Ek het diagramme gesien wat oor hierdie platvorm hier sou strek oor "Merk Van Die Dier, Die Seël Van God." Maar vir my, is dit so eenvoudig, dis net so 'n—'n eenvoudige ding om in die Woord te kyk en dit te sien, totdat ek nie dink . . . Wel, ek het omtrent drie of vier bladsye van verskillende Skrifte wat ek wil, hier uitgeskryf, waarna ek vanaand vir julle wil verwys. Terwyl ek vanmiddag daaraan gedink het, het ek Skrifte hier neergeskryf, en verskillende bladsye, sodat ek kon uitvind, en julle kan dit neerskryf as julle wil.

<sup>38</sup> Nou, dis 'n groot onderwerp, en ek dink dat dit 'n . . . en een van 'n . . . 'n noodsaaklike onderwerp wat onderrig behoort te word. Nou, ons het Evangelie preke gehad, ons het Goddelike genesing gehad. En nou, hierdie behoort te wees die . . . gebaseer op, soos, die tweede Koms van Christus, op Sy tweede Koms.

<sup>39</sup> Broer Smith, is dit jou vrou? Wel ek . . . Aangename kennis, Suster Smith? Ek—ek . . . Geen wonder hy's 'n—hy's 'n goeie man nie, jy's so 'n mooi, goddelike, dametjie as 'n vrou. Ek—ek mag jou al voorheen ontmoet het. Hulle sê agter elke goeie man is daar 'n goeie vrou. Dit—dis baie goed.

<sup>40</sup> Ek weet my vrou is . . . As daar enige krediet is vir die Branham familie, gee dit vir haar, want sy's die een wat . . . Maar sy's tien jaar jonger as ek en sneeu-wit hare, en sy's, net omdat sy tussen my en die publiek gestaan het, en ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie. God het my beslis 'n wonderlike vrou gegee.

<sup>41</sup> Hulle is 'n wonderlike ding, Broer Smith. Net, wel, as Hy 'n man enigiets beters kon gee, sou Hy dit gedoen het. Dis reg. Reg. Dis reg. Dis die waarheid. "Hy wat 'n vrou gevind het, het 'n goeie ding gevind," sê die wysste man wat ons ooit gehad het. Ek—ek dink dat 'n vrou die beste ding is wat 'n man kan hê, buiten verlossing. Dis reg, dis reg, sy's lieflik.

<sup>42</sup> Nou, ek gaan die Skrif baseer . . . Eers gaan ek vir julle sê wat ek dink die merk van die dier is, en wat die, ek dink die Skrif ondersteun wat die merk van die dier is, dan gaan ek vir julle sê

wat ek dink die ondersteuning uit die Skrif is vir die Seël van God.

43 Nou, ons weet dat hierdie twee groot dinge binnekort gaan eindig in twee groot, groot grepe. Die wêreld word aangegryp deur hierdie twee dinge net nou, die merk van die dier, of die Seël van God. Party van hulle plaas dit ver oorkant in die toekoms, party sê dit was alreeds in die verlede. Maar ek glo dat daar net twee antwoorde daarvoor is, en dit is dat die Seël van God die doop van die Heilige Gees is, die merk van die dier is om dit te verwerp. Nou, dis die enigste twee dinge, ek gaan nou vir julle Skrif gee waarom, soos ons deurgaen.

44 Nou, een van hulle is, onthou, al die mense op aarde in die laaste dae gaan óf verseël word deur die Seël van God, óf gemerk word deur die merk van die dier.

45 “En hy het almal, beide arm, groot, slaaf, vry, almal op die aarde hierdie merk laat ontvang wat nie die Seël gehad het nie, en wie se name nie geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe van die grondlegging van die wêreld af nie.”

46 “Van die grondlegging van die wêreld af,” toe die Lam geslag is, en toe hulle name op die Lam se Boek van die Lewe geplaas is, nou, daardie twee groot dinge.

47 Nou, ons gaan eerste begin met *Die Seël Van God*. Nou, wat is 'n seël? Die eerste plek, 'n seël in die Bybel, destyds in dae voor mense, geleerd was soos hulle nou is, was hulle gewoonlik, was hulle seël hulle handtekening net soos ons vandag ons naam gebruik. Partymaal het die Romeine, en verder terug in die Joodse, en ver terug in die vroeë oosterse lande, sou hulle 'n ring gehad het, wat hulle seël gehad het, *ha*, en dit op iets gestempel het. [Broer Branham het die afdruk van 'n seël nageboots—Red.] As hulle nie hulle naam kon teken nie, daardie seël.

48 'n Seël was 'n bona fide verklaring, wat verseël is deur hierdie seël. En om—om dit te probeer kopieer, was die doodstraf, net soos dit nou sou wees om 'n tjek te probeer vervals, iemand se naam op 'n tjek, was dit 'n—'n groot boete om hierdie seël te probeer kopieer. En gewoonlik het die man dit gedra, sy seël gehad, dit agter op sy pols gedra, of—of óf op sy ring. En hy sou dit verseël in plaas van om sy naam te teken, dit was om te wys dat—dat dit was, hy dit verseël het.

49 Nou, nou, Jesus het gesê dat in die laaste dae, volgens Matthéus die 24ste hoofstuk en die 24ste vers, dat hierdie twee geeste, hierdie, hulle wat verseël was met God, en hulle wat deur die dier gemerk sou word, die antichris, so na aan mekaar sou wees dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was, sien. Nou, hulle gaan so eenders wees.

Nou, party mense sê: “Wel, kommunisme is die merk van die dier.”

50 Julle is verkeerd, kommunisme is nie die merk van die dier nie, tog is dit, maar dit is nie die hoof daarvan nie. Die—die merk van die dier is 'n—is van 'n godsdienstige aard, baie godsdienstig, so listig en geslepe, dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei, indien dit moontlik was, net so naby dat dit die Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was. Natuurlik, hulle. . .

51 Billy Graham het gesê nie lank gelede nie, ek het hom 'n paar Sondae gelede op my radio hoor op pad hiernatoe, en hy het gepreek, hy het gesê: “Jy hoor soveel van sigaret, en Viceroy,” of wat dit ook al was, en “punte aan *hierdie* kant, en vuur aan *hierdie* kant, en alles soos daardie,” gesê: “'n man wat hulle hoegenaamd sou rook, was 'n dwaas.” En ek dink hy's omtrent reg. Gesê dat “Hulle het selfs soveel publisiteit oor dinge soos daardie, tot die duiwel die Uitverkorenes mislei het.”

52 Ek—ek glo nie Broer Graham het dit net so bedoel nie, want die Uitverkorenes sal nie mislei word nie. Nee, meneer, hulle sal nie mislei word nie, hulle is voorbestem deur God, en hulle sal nie mislei word nie. So, maar Jesus het gesê dat dit baie na aan mekaar sou wees, so na aan mekaar, onthou nou, dat dit so naby sou wees dat die einste Uitverkorenes mislei kon word as dit moontlik sou wees.

53 Nou, ons wil uitvind waar hulle vandaan kom. Waar het dit alles begin? Soos ek julle vertel het dat elke sekte en elke godsdien begin het in Génesis, alles wat ons het. Die Gemeentes van God het in Génesis begin, die Baptiste het in Génesis begin, ek kan dit bewys. Ja, meneer. Elke sekte, selfs, wat ons het, ek kan dit bewys, dit het in Génesis begin. Dis reg. Ondersoek net Génesis, en dan het jy die res daarvan, jy sien watter soort saad dit is, sien jy waarnatoe dit gaan. Sien? En hou dit net dop, en dit sal net regdeur die Bybel rank, net presies. Altwee van hulle begin in Génesis. En ons vind uit dat Génesis die saadhoofstuk is.

54 Nou, ons vind uit dat die eerste merk van 'n mens begin het in Génesis, Génesis 4:15, God Kain gemerk het. Dis waar die eerste merk van die dier ooit geplaas is, op Kain geplaas is, hy is die begin daarvan.

Nou, sê julle: “Kain wat die merk van die dier het?”

55 Goed, kom ons let op, nou, Hy het gesê: “Jou saad sal die slang se kop vermorsel, en sy kop sal jou hakskeen vermorsel.” Kyk na die geslag van Kain, soos Kain afgekom het, wetenskaplikes geword, slim manne, groot manne, verder aan soos daardie. Maar die saad van Set soos dit afgekom het, het kleinboere geword, skaapwagters, boere. So, julle sien, daar is. . . Nou, kyk, die Bybel het gesê: “Ek sal vyandskap plaas,” God het: “tussen jou saad en die slang se saad.” Nou, so. . .

56 Nou, predikerbroers, bly net stil vir 'n oomblik, ek—ek weet hulle klim altyd op my nek hieroor. Maar die Bybel het gesê dat



die slang 'n saad gehad het, dit handel dit af. Die slang se saad, laat dit wees op enige manier wat julle dit wil neem, ons sal los; ek het my idee, ook. Maar hulle . . . Maar, laat dit wees wat dit ook al wil, die Bybel het gesê in Génesis 1, dat, die eerste van Génesis, dat die slang 'n saad gehad het.

<sup>57</sup> En onthou nou, die slang was nie 'n slang om mee te begin, 'n reptiel nie, hy was neffens 'n mens. Wetenskap het vir duisende jare probeer om daardie vermiste skakel tussen die mens en dier te vind, die naaste wat hulle kan kom, is 'n sjimpansee, maar hulle kan nie van die sjimpansee na die menslike wese kom nie. Hoekom? Dit was die slang.

<sup>58</sup> Nou, as julle oplet in Génesis 3:1: “Die dier . . . Die slang was die listigste van al die diere van die veld.” 'n Dier, nie 'n reptiel nie. Hy was meer soos 'n man, hy het gelyk soos 'n man, hy was daardie vermiste skakel daar tussenin, want dis die enigste manier. Die saad van 'n mens sal nie meng met die saad van 'n dier nie. Maar hierdie kêrel was die enigste een wat die duiwel kon gebruik, want dit was net tussen mens en dier. In die geslagsregisters . . .

<sup>59</sup> Ek glo in evolusie. Die eerste ding miskien, toe daar niks was behalwe net algemene chaos, vulkaniese uitbarsting . . . Julle weet, God is 'n groot Kontrakteur. Glo julle dit? 'n Groot kontrakteur lê altyd al sy goed uit wanneer hy sy onderverdeling bou. God, toe Hy die aarde rondbeweeg het, kalsium, kalium, en petroleum geskep het, ensovoorts, het Hy ons liggame net toe op die aarde neergelê, die materiaal waaruit ons gemaak is.

<sup>60</sup> En die groot Heilige Gees het uitgegaan van God af om oor die aarde te broei, of te koer, liefde te maak, soos 'n hen, met haar kuikens. En Sy, laat ons dink Hy het vlerke gehad, Hy het nie, maar laat ons dink Hy het vlerke gehad, soos—soos 'n hen oor haar kuikens, het Hy begin broei oor die aarde. En ek kan 'n bietjie kalsium sien kom, wat teen 'n plekkie afloop, meng met 'n bietjie vog en kalium, en 'n Paasblommetjie het opgekom. En ek kan Hom hoor sê: “Kom hier, Vader, kyk hierna.”

“Baie goed. Hou aan broei.”

<sup>61</sup> Naderhand, nog 'n bietjie gebroei. Wat volgende opgekom het, was waarskynlik die—die blomme en die plantegroei, en die voëls het uit die stof van die aarde opgevlieg, en toe het die dierelewe gekom, en aangehou hoër lewe kry, hoër lewe, hoër lewe, totdat daar uiteindelik 'n man opgekom het in die einste gelykenis van God. Vreemd dat iets hoër as dit nie opgekom nie, is dit nie? Kan nie hoër gaan nie, dit was die gelykenis van God.

<sup>62</sup> So soos dit, evolusie dit so opgebring het, maar hulle kan nie kruisteel en hulleself hoër maak nie, God het gesê elke saad bring voort van sy soort. Nou, daarin het opgekom toe, die man.

<sup>63</sup> Nou, sonde het nie op die aarde begin nie, dit het in die Hemel begin, en hy is uit die Hemel uitgeskop en het na die aarde toe gekom. Daar was niks anders waarin hy kon inkom nie, die dier sou te ver van hom af wees, saad sou nie meng nie, so hy moes in die slang ingaan wat 'n wese meer soos 'n mens was.

<sup>64</sup> En toe God hom vervloek en hom op sy maag geplaas het, het Hy elke been in hom verander. Wetenskap wat bene probeer opgrawe, en, wel, dis verborge in die verborgenhede van God, en sal dit openbaar aan enigiemand wat daarvan wil weet, sekerlik. Daar is . . .

<sup>65</sup> Nou, kyk, hy was die listigste, mees geslepe, slinkste, wysheid, slimmer as die dier, hy was reg neffens die man, sien, die listigste van al die diere van die veld. En nou, onthou dat daar vir Kain 'n merk gegee is. En nou, sê julle: "Satan kon nie in daardie slang gewees het nie."

<sup>66</sup> As julle nou saam met my oorgaan na Twee Korinthiërs 11:14, het die Bybel gesê hy het homself getransformeer na 'n engel van die lig. Julle onderskat net vir Satan, dis al. Sien? Ja, meneer. Hy het homself in 'n engel van die lig gevorm. Hy in daardie soort van 'n materiaal kon inkom, waarom kon hy dan nie in 'n dier inkom, neffens 'n mens nie?

<sup>67</sup> Nou, ons vind uit dat omdat Kain na die vyand geluister het, wat het toe gebeur? Hy het die eerste moordenaar geword, hy het die eerste een geword wat jaloesie op aarde gehad het. Sê my waar, daardie suiwer lyn van God na Adam, dis die enigste verbinding, Adam was die seun van God, die Bybel het so gesê, waar het daardie jaloesie dan vandaan gekom? Waar het daardie moordenaar vandaan gekom? Waar het al daardie soort gees vandaan gekom? Uit Adam? Kon nie wees nie. Van Satan afgekem, dis presies waar dit vandaan gekom het.

<sup>68</sup> Nou, ons vind uit hy die eerste moordenaar was, en hy die eerste een was wat jaloesie gehad het, soos Lucifer jaloers geraak het op Migael, dit reguit afgebring het na die aarde en dit oorgedra het na die mens. En Satan . . . Kain deur hierdie boosheid aan te neem, het die eerste merk geneem. God het hom gemerk, niemand moes hom doodmaak nie, hom uitlos. Maar julle onthou, hy, sodra Hy hom gemerk het, het hy uit die Teenwoordigheid van God uitgegaan; hou nou daaraan vas.

<sup>69</sup> O, ons het nie tyd om dit 'n baie deeglike studie te gee nie, want, o, broer, ons kan dit hier uitgrawe vir ses maande, sien, nooit aan die buitekant daarvan raak nie. Sien?

<sup>70</sup> Let op, hy het uit die Teenwoordigheid van God uitgegaan toe hy gemerk is, na die land van Nod gegaan, en vir hom 'n vrou gekry. Einste tipe van die kerk, wat God verlaat, 'n vrou van die wêreld kry. Sien? Hou dit dop. Wonderlik! Nou, ons sal nou vinnig moet verander, dat ons nie te veel tyd neem nie.

71 Nou, ons vind uit dat Abel, Kain se broer, Kain vir Abel doodgemaak het, en God het vir Adam nog 'n seun gegee in plek van Abel, wie se naam Set was. En dit was 'n teken, en 'n teken van God van dood en opstanding. So, Set het nooit na die land van Nod gegaan om sy vrou te kry nie, God het vir hom 'n vrou gegee, maar Kain, met die merk van die dier op hom, het uitgegaan en vir hom 'n vrou gekry uit die land van Nod, en Set het God se keuse aanvaar. Volmaakte tipe van die denominasionele kerk vandag, wat uitgaan, enigiets inneem; maar die ware Kerk van die lewende God, Christus se Liggaam, neem net wat die Heilige Gees verseël het, volmaak. God het in die Kerk geplaas.

72 Waardeur het die teken gekom? Waardeur word die kerke gemerk? Wat was hierdie teken? Ons weet Kain het die merk gehad, wat was dan die teken? Van die opstanding. Dis waarmee die Kerk vandag gemerk is, die teken van die Heilige Gees dat Christus nie dood is nie, maar dat Hy opgestaan het uit die dood en in die Kerk ingeneem is. Sien, wat Sy Kerk verseël, daar het dit begin reg by daardie twee—twee seuns, net daar in die tuin van Eden, reg buite die tuin.

73 Die merk van die dier: 'n swerwer, 'n vlugteling, nie weet waarnatoe hy gaan nie, nie weet waar hy is. . . waar hy. . . wat hy weet nie, weet nie wat hy wel wil hê nie, hy's 'n voortvlugtige.

74 Maar Set het by die huis gebly, en hy was by sy vader, en God het vir hom 'n vrou gegee, daar begin in die geslag. En as julle dit eenkeer wil opvolg. . . Ek beter dit uitlos. Ek wil dit net graag aan julle bewys oor, en oor, en oor, en oor. Ja, meneer. Dis reg, dis waar dit begin het.

75 Party mense dink dat hulle appels in die tuin van Eden geneem het, 'n paar appels geëet het, en die eerste ding waarvan jy weet, was dit die eerste sonde. O, broer, laat ek jou sê, ek sê dit nie vir 'n grap nie, dis nie plek om 'n grap te maak nie, maar as om appels te eet vroue sal laat besef hulle is nakend, beter ons die appels weer gee, ek dink so. Ek dink ons behoort dit te doen. Dit was nie appels nie, ons weet dit almal. Nee, ons besef, in 'n gemengde gehoor, wat dit was, en ons sien wat dit gedoen het.

76 Nou, ons vind toe uit dat hierdie was. . . 'n merk is 'n onderskeid, dit maak 'n verskil, dit onderskei iets. Maar soos, jy sê, jy het een merk teen jou, 'n merk, maar jy het nooit gesê jy het een seël teen jou gehad nie, jy het een merk teen jou gehad. En 'n seël is 'n teken van eienaarskap, 'n merk is 'n onderskeid. En die Kerk is verseël deur die Heilige Gees, wat wys dat God, volgens eienaarskap, die Kerk besit. Maar die merk van die dier is die afvallige, die uitgeworpene wat geweier het om God se voorsiene weg te aanvaar en te kom.

77 Kain, sodra hy gemerk was, is weggestuur, ons vind dit. Abel het gesterf, en Set het opgestaan om sy plek in te neem, was 'n

teken van opstanding. Goed.

<sup>78</sup> Ons vind uit dat hierdie twee merk, merk en seël begin in Génesis, en dit kom af deur die Bybel en eindig in Openbaring. Ons het ook 'n Skrif hier daaroor, waar dit begin het in Génesis, eindig in Openbaring, dit was altyd in een of ander vorm, soos dit opgekom het.

<sup>79</sup> Soos ek nou die aand gepreek het oor die bloedoffer, bloedofferande. Daar word van Babilon gepraat in Génesis, die eerste van die Bybel, van Babilon gepraat in die middel van die Bybel, van Babilon gepraat in die laaste van die Bybel. Begin in Génesis, kom oor na Openbaring. Alles begin, daardie twee geeste . . .

<sup>80</sup> Kyk hier, ons, laat ons dit net 'n oomblik neem, selfs in die ark, daar was die duif en die kraai in die ark. Een . . . Albei van hulle voëls, albei van hulle kon vlieg, albei van hulle . . .

<sup>81</sup> Julle weet die kraai is 'n huigelaar, hy is, hy's net 'n vuil huigelaar. Nou, 'n kraai kan daar oorkant sit op 'n ou dooie perd, en net vreet, en kry, en sy vlerke klap, en 'n lekker tyd hê. Daardie arme, duifie kan nie naby dit kom nie. Hoekom? Dit het nie enige gal nie, sien, dit kon dit nie verteer nie. As dit dit sou vreet, sou dit sterf. Maar die kraai kan daar sit en dooie perd vreet vir 'n halwe dag lank, uitgaan in die veld en huis toe kom en middagete vreet met koring, saam met die kraai . . . saam met die duif. Hy's 'n ou huigelaar, is al.

<sup>82</sup> Het julle ooit opgelet, 'n duif het geen gal van bitterheid nie; ook nie enigiemand wat met die Heilige Gees gedoop is nie, al die bitterheid is weg. Hulle was albei in dieselfde ark, soos die huigelaar en die ware gelowige in dieselfde kerk, dieselfde denominasie wat langs mekaar sit, sitplek, dieselfde bank, wat langs mekaar sit.

<sup>83</sup> Ek wil hê julle moet nog iets oplet. O, ek hou daarvan om oor die natuur te praat! Die duif, het julle geweet jy sal nie die duif vang bad nie. Hoekom? Hy hoef nie, hy het 'n olie binne-in hom wat uitgaan deur sy vere, en homself die heeltyd skoon hou. Dis hoe 'n regte Kerk, Dit hoef nie te bad en terug te gaan oor *dit*, *dat*, of die *ander* nie, maar hulle het 'n Olie, heilige Olie aan die binnekant, elke gelowige, wat hom skoon hou van die dinge van die wêreld.

<sup>84</sup> O, as ons net een of ander tyd oor die—die Lam en Duif kon preek! Die Heilige Gees binne-in die gelowige hou hom skoon, nie van buite wat hy afwas nie, maar dit kom van binne na buite. Amen.

<sup>85</sup> Baie mense sê: “Ek moet gaan bely vandag, ek moet *so-en-so* sê, en ek moet gaan bely, ek moet dit doen.”

<sup>86</sup> Maar julle weet, die Heilige Gees aan die binnekant werk net die Olie uit die heeltyd, die sondoffer, die gelowige skoon te hou.

“Want daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is, wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.”

<sup>87</sup> Hoe kom ons daarin? Deur een handdruk? Nee. Deur een brief? Deur een denominasie? Nee. “Maar deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam,” vry van oordele. God het daardie Liggaam klaar geoordeel, God het Dit geoordeel op Gólgota, Dit sal nie meer geoordeel hoef te word nie.

<sup>88</sup> “Hy wat My Woord hoor, glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe,” daar’s nie twee vorms van Ewige Lewe nie, net een, “het Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” “Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek verbygaan, sal Ek by julle verbygaan.” O, goeiste, dit laat my godsdienstig voel!

<sup>89</sup> Hoekom? Vry van sonde. Dis reg. Hy wat uit God gebore is, doen nie sonde nie, kan nie sondig nie, Saad van God bly in hom, hy kan nie sondig nie. Dit kan nie ek die heelyd onder ’n sonde offer wees, en dan ’n sondaar wees nie, jy kan nie. Jy het nog nooit ’n sondaar-gelowige gesien nie, jy het nog nooit ’n swart-wit voël gesien, ’n dronk-nugter man nie. Nee, meneer. Jy is óf ’n sondaar, óf ’n gelowige, dis al. En as jy in Christus is, is daar ’n Bloed-sondoffer heeldag lank, wat uitroep: “Vader vergewe hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie.” O, dan kan jy gerus wees. Amen, ek hou daarvan. So pragtig daar, die Heilige Gees, hoe Dit ons verseël.

<sup>90</sup> Let op, die kraai, die duif, kom ons let op van Kain en Abel, dit was niks in die wêreld behalwe Judas en Jesus nie. Sekerlik. Laat ons die rook dophou. Soos Kain vir Abel doodgemaak het by die altaar. . . Nou Kain, as geregtigheid al is wat God vereis, of, as fundamenteel. . .

<sup>91</sup> Dis wat ek altyd gesê het van die twee klasse mense, ek ontmoet die fundamentele en die Pinkster. Die fundamentaliste posisioneel gesien vanuit hulle opleiding, weet hulle waar hulle staan, maar hulle het geen geloof nie; die Pinksters het die geloof, maar weet nie wie hulle is nie. Sien? Soos ek gesê het, iemand het geld in die bank, kan nie ’n tjek uitskryf nie, ’n ander een, skryf ’n tjek, het geen geld in die bank nie, kry hulle bymekaar.

<sup>92</sup> Nou, ons sien dat die Pinksters die een is wat die geloof het, hulle glo, maar, hulle is vol Vuur, hulle is vol van die Heilige Gees, maar hulle weet nie hoe om te staan op daardie Woord, en te sê nie: “Dis SO SPREEK DIE HERE.” Hulle blaas Dit alles uit by die fluitjie met gille, en uitroepe, en rondhardloop. As hulle Dit ooit kon inhou, sou jy ’n kerk op haar voete sien staan in krag en heerlikheid, sou daar ’n Boek van Handeling daarna geskryf word.

<sup>93</sup> Nou, let op. . . Ja, ek het nie bedoel dat hulle. . . Hulle gee uiting daaraan in vreugde, in plaas van krag, geloof. Hou dit daar en glo Dit, Dis God se Woord, bly reg Daarby.

<sup>94</sup> Kyk na Kain, het gekom en 'n offerande geoffer, 'n altaar gebou, aan 'n kerk behoort, aan 'n denominasie behoort, het by die altaar gekniel en gebid, God aanbid, sy tiende gegee. Dit al is wat God vereis het, was Kain net so geregverdig soos Abel was. Maar julle sien, die hele geheim was, was die openbaring.

<sup>95</sup> Dis waar die probleem is, mense verstaan nie dat die hele Kerk van die lewende God gebou is op 'n geestelike openbaring van Christus nie. Jesus het so gesê in Matthéüs 16: “Salig is jy, Simon, seun van Jona, vlees en bloed het dit nie aan julle geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is. En bo- . . . Jy is Simon, op hierdie rots sal Ek My Kerk bou.”

<sup>96</sup> Wanneer die geestelike openbaring van Jesus Christus, en Hy is die Woord (“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon.”), en wanneer daardie Woord in jou inkom, “Is Dit skerper as 'n tweesnydende swaard, wat onderskei tot selfs die gedagtes en die oorlegginge van die hart,” daar kom die Woord in, die openbaring van elke Woord van God is waar, hang jou siel aan enige fase Daarvan, openbaring.

<sup>97</sup> O, ek hou van hierdie dinge. Goeiste, ek dink dit plaas die kerk tot waar jy—jy 'n genesingsdiens kan hê. Sien? God het so gesê, dit handel dit af, dis—dis net al, God het so gesê, bly net reg daarby.

<sup>98</sup> Nou, maar hoe . . . ? Daar was geen Bybel in daardie dag nie, so dit moes geopenbaar gewees het aan Abel, Hebreërs 11 het gesê: “Deur geloof het Abel 'n beter offer vir God geoffer as Kain,” wat van hom getuig het dat hy regverdig was.

<sup>99</sup> Nou, Kain het gesê: “Ek reken my ma het 'n paar appels geëet, en sy moes klare aantrek.”

<sup>100</sup> Maar Abel het geweet dat dit bloed, lewe was, daar het iets verkeerd gebeur. En hy het die bloed van 'n lam geoffer. Ek kan hom sien kom met hierdie lammetjie.

<sup>101</sup> O, Satan se altaar was baie mooier as Abel s'n, hy het vrugte en blomme gehad, en baie mooi.

<sup>102</sup> Maar dis—dis—dis wat ek vir die Kerk probeer sê: Suster, jy hoef nie manikuur te dra, en baie mooi opgemaak, 'n rok te dra soos die volgende dame om reg voor God te wees nie. Jy hoef nie 'n kerk te hê wat duisend-dollar banke daarin het, en 'n pyporrel wat 'n paar miljoen dollar gekos het, en al hierdie deftige goed hier, wat uit die hel gekom het, nie. Dis reg, ek kan dit bewys deur die Bybel. Dis reg.

Kain het hierdie dinge gedink: “Ek sal hierdie goed offer.”

<sup>103</sup> Maar ek veronderstel Abel se offerande was nie so goed nie, het waarskynlik nie enige tou gehad in daardie dag nie, so hy moes 'n wingerdloot om daardie ou lammetjie se nek gedraai gehad het, dit soontoe gelei het, en dit op die rots neergelê het.

Hy het nie toe 'n lans of 'n mes gehad nie, so hy moes 'n—'n stuk klip geneem het, sy koppie agteroor getrek, en sy klein nekkie begin kap het.

<sup>104</sup> En soos dit begin blêr, skop het, en die bloed wat oral oor hom gaan, wat bloei, blêr, sterf op die rots, wat het dit voorgestel? Vierduisend jaar later, die Lam van God doodgekap op die Rots van die Eeue, wat bloei, blêr, praat in tale terwyl Hy gesterf het op Gólgota.

O, dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed  
Sal nooit sy krag verloor nie,  
Tot die hele losgekoopte Kerk van God  
Gered is, om nooit weer te sondig nie.

<sup>105</sup> Ons opvoedkundige programme, denominasionele programme sal nie *dit* beteken nie, dit sal die Bloed van Jesus Christus kos, en niks anders om dit te doen nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Ja.

<sup>106</sup> Kyk hoe die rook opgaan van daar af. En onthou, hier is dit, gelowige: Abel het op dieselfde rots gesterf saam met sy lam. Elke gelowige moet dieselfde ding doen, sterf op die rots saam met jou Lam.

<sup>107</sup> 'n Lam het net een ding, en dis wol, en hy moet alles prysgee wat hy het, hy skop nie 'n bohaai daaroor op nie. Jy neem die kêreltjie en gooi hom daar bo-op, soos gesê word, 'n lam stom voor sy skeerders. Hy word geskeer, hy stry nie daaroor nie. Enigste ding wat hy het, hy gee dit op, gewillig.

<sup>108</sup> En ons sê ons is Christene. Iemand het nou die dag vir my 'n briefie geskryf, en, klein notatjie, en dit ingesit, en ek het dit daaronder gekry, gesê: “Ek het 'n reg, ek's 'n Amerikaanse burger, ek dra enige soort klere wat ek wil.”

<sup>109</sup> Gaan reguit voort, dis alles reg, dit wys jy's 'n bok. Dis reg. Gaan reguit voort en dra hulle as jy wil. Maar onthou, as jy 'n lam is, het jy daardie reg, maar jy gee jou regte op vir Christus.

<sup>110</sup> Ek het ook 'n reg om dronk te word vanaand, ek's Amerikaanse burger; ek het 'n reg om sigarette te rook, ek's Amerikaanse burger; julle het, ook, maar ons gee ons regte op, daardie goed word afgeskeer. Tree op soos here, soos dames, trek so aan, en tree so op, en lewe so, gee op julle regte.

<sup>111</sup> Kyk na die rook wat opgaan van die altaar af, wat reguit opgaan en gaan sit op Gólgota. Soos Kain vir Abel by die altaar doodgemaak het, het Judas vir Jesus by die altaar doodgemaak. Reg.

<sup>112</sup> Let op, weer, julle sien net drie kruise, nie waar nie? Daar was vier, vier kruise. Daar was Jesus in die middel, 'n dief aan die een kant, en 'n dief daar aan die ander, en Judas het homself opgehang aan 'n wildeveboom. En Jesus het ook aan 'n boom gehang: “Vervloek is hy wat aan 'n boom hang,” en Hy is 'n vloek

vir ons gemaak. Judas was op net so 'n kruis as wat Hy was, want hy was aan 'n boom, Jesus op net so 'n groot boom as wat Judas was, “Vervloek is hy wat aan 'n boom hang.”

<sup>113</sup> Kyk hier, daar was die Seun van God, God gemanifesteer, wat neergedaal het uit die Hemel, wat terugkeer na die Hemel, die berouvolle sondaar saam met Hom neem; en daar was Judas, die seun van die verderf, wat uit die hel gekom het, teruggekeer het na die hel, die onbekeerde sondaar saam met hom geneem het, wat weer teruggaan. O, dis pragtig!

<sup>114</sup> Soos God Adam se sy oopgemaak het in die tuin, en 'n deel uitgehaal het om 'n bruid te maak, het God die sy van Jesus oopgemaak by Gólgota, en die Bruid uitgehaal, uit Sy sy. O, dis pragtig! By die kruis, hoe dit is, en hoe daardie twee geeste, hoe hulle opgekom het deur Kain, Abel, die kraai, die duif.

<sup>115</sup> En kyk, ons dink weer, Kain, toe hy oorgegaan het na die land van Nod, hy vir homself 'n vrou gekry het. En ons vind uit dat daardie vrou . . . Ek het die Skrif daar neergeskryf, ek sal nie op hierdie tyd daarop ingaan nie.

<sup>116</sup> Kyk na Israel, Israel toe dit daar uitgegaan het, soos twee wingerdstokke, ons sien dit opkom, dit was altyd so, kyk, hier kom Israel op sy pad na die beloofde land, soos die Kerk vandag. Wat het dit teëgekóm? Dit het Moab teëgekóm. En hy het sy broer laat weet, en gesê: “Kan ons jou grond oorsteek? As ons beste enige gras oplek, sal ons daarvoor betaal, as hulle enige water drink, sal ons daarvoor betaal.” En hy het geweier om dit te doen.

<sup>117</sup> Nou, kyk hier, daar was Israel, 'n klein groepie interdenominasieneles, wat rondry deur die land, geen plek om te vestig nie, maar op hulle pad huis toe . . . Moab is gevestig saam met die hooggeplaastes, gereken onder die nasies van die wêreld.

<sup>118</sup> Let op wat gebeur het, Israel het die ware bloedstroom gehad. Onthou hoe Bileam so probeer ondertrou het, en hy hulle moes verdryf, vroue en almal. Leer van Bileam, doktrine van Bileam.

<sup>119</sup> Let op, daar was Moab, wat geglo het in dieselfde God waarin Israel geglo het. Want dit was wat? Nog 'n buite-egtelike, verkeerde vrou, Lot se kind by sy dogter. Net presies soos die ongebore kerke vandag, die natuurlike kerk is 'n kerk van die wêreld, geestelike hoerery pleeg met die wêreld, en nie getrou aan God lewe nie, baie mooi tipe.

Let op, fundamenteel gesproke . . . Nou, fundamentele broer, ek's nie . . . Ek wil julle nie te hard knyp nie, maar ek wil hê julle moet dit voel.

<sup>120</sup> Let op, hier kom die—die biskop af, Bileam, en hy het daar opgekóm, en die koning het gesê: “Kom af en vervloek hierdie volk.” Gesê: “Ek wil hulle nie hier oorkant hê nie, hulle kan nie een van daardie genesingsdienste hier oorkant nie. Wel, hulle



gaan altyd aan oor genesing, en gesê hulle het 'n koperslang daaronder waarna hulle almal kyk en gesond word. En sê hulle eet manna uit die Hemel, ek het niks daarvan gesien nie. En, o, dis 'n klomp onsin!" En gesê: "Ek wil hê jy moet afkom en hulle vervloek. Ons wil niks van daardie goed in ons denominasies hier oorkant hê nie, so hou hulle hier uit."

<sup>121</sup> Let op, hy was net so fundamenteel soos Israel was, hy het sewe altare gebou, sewe offerandes, sewe ramme, net presies soos hulle gedoen het onder in die laer van Israel, sien, net dieselfde offerandes. Maar wat Bileam nie gesien het nie, was daardie geslaande Rots, daardie koperslang, die geroep van die laer, van die Koning, hy het nie daardie Vuurkolom voor hulle sien uitgaan nie.

Dis wat dit vandag is, hulle sê: "Julle behoort aan daardie Pinksters, hulle is 'n klomp holy-rollers."

<sup>122</sup> Hulle was altyd, maar hulle is nie meer nie. Maar so, hulle—hulle behoort aan hulle, maar hulle sien nie daardie Vuurkolom nie. Nou, sodat hulle dit beslis sal sien, het ons 'n foto Daarvan, wetenskaplik bewys. Amen. Ja. Hulle sien nie die Vuurkolom, die geroep van die laer, dat daar 'n Koning onder ons is, amen, Koning Jesus, nie. Hulle sien dit nie. Hy het nie daardie bloedversoening gesien nie.

Hulle sê: "Ek ken 'n Pinksterman wat weggeloop het met 'n ander man se vrou."

<sup>123</sup> Ek ken Baptiste, en Presbiteriane wat dieselfde gedoen het, Katolieke, en almal. Dis reg. So sous vir die wyfiegans is sous vir die mannetjiegans; pot kan nie ketel swart noem nie. Ons is almal menslike wesens, en ons is onderworpe aan al daardie dinge onder ons—ons mense, maar God werk met ons as individue, wie ons ook al is. So die Pinksterseëning is reg.

<sup>124</sup> Let op, Israel en Moab, dit is nou dieselfde, ons vind uit dat die kerk aanneem 'n, uitgaan en 'n denominasionele aanneem, enigiets inbring wat hulle wil, hulle net sê: "Wel nou, as jy sal kom en gedoop word in ons kerk, en opstaan en sê jy glo Jesus die Seun van God, dan sal ons—sal ons jou in die kerk doop, en jou naam op die boek sit."

<sup>125</sup> Nou, weet julle die duiwel glo ook? Sekerlik. Ek het nou die aand vir julle verduidelik, julle. . . Soos om hierdie ou skilpad te probeer onderdompel, dit het niks aan hom gedoen nie, dit het hom niks gehelp nie, dit het vuur gekos om hom te laat beweeg. En so, dis wat dit kos vir die Kerk vandag, is 'n klein Heilige Gees en Vuur om Dit te laat beweeg.

<sup>126</sup> Maar, onthou, die Heilige Gees sal nie daardie onrein persoon in Sy, die Liggaam van Christus, inneem nie. Dit wys dat die Liggaam van Christus nie 'n denominasie is nie, want Dis die mistieke Liggaam van Christus, en deur een Gees word ons almal Daarin gedoop. Ek dink ons kan vroue neem, mans, en hulle na

die waters toe neem om hulle te doop, en ons vind uit as hulle nie regtig Christene in hulle hart is nie, moet ons hulle nooit doop nie.

<sup>127</sup> Ek het 'n tyd gelede saam met 'n vrou na die rivier toe gegaan, 'n groep van hulle, een vrou het daar uitgestap; sy het uit haar motor geklim en oorgekom, haar hare reggemaak, sy het gesê: “Sal, my afdruk en my onderdompel, Broer Branham?”

Ek het gesê: “Nie jy nie, jy's nie geskik om in te gaan nie.”  
Dis reg.

<sup>128</sup> Hulle sou by die kerk sing, en een of ander meisie, sy—sy het nie genoeg geld gehad om—om—om vir haar een of ander soort kapsel te kry soos wat sy wou gehad het om op die platvorm te kom om te sing nie, en haar arme ou moeder het oor 'n wasplank gewas om daardie kapsel vir haar te kry. Toe ek dit uitgevind het, wou ek haar nie laat sing nie, ek het gesê: “Jy's nie geskik om daarbo te sing nie.” Dit behoort skoon gehou te word.

<sup>129</sup> Dis wat die probleem vandag is met die kerke, die korrupsie en goed, reg van die preekstoel tot in die kelder. Dis reg. Maak dit skoon! Dis reg. Ons het weer die outydse skuurblok nodig in die kerk.

<sup>130</sup> Soos die swart mannetjie eendag verordineer is, en die ouderlinge wat daar rondgestaan het, gesê het: “Here, draai hom toe in goingsakke en gooi kerosen op hom en steek hom aan die brand vir die Evangelie.” Dis wat ons vandag nodig het, aan die Brand, laat hom dan los, en laat hom hardloop.

<sup>131</sup> Destyds kalwers gebrandmerk. Ons sou 'n kalf neem, ek weet dat julle 'n tou om baie gegooi en hulle pote vasgemaak het, reken ek, ons het hulle altyd gebrandmerk, iemand het vir my gesê: “Skaam jy jou nie om daardie warm yster te vat, dit teen sy sy te druk nie?”

<sup>132</sup> “Nee.” Ek dit teen sy sy gedruk het, het hy beslis woes geskop. Hy het gegil en gebulk, toe hy hom losgelaat het, het hy 'n spasma gekry, het hy regtig gehardloop. Maar ons het geweet aan wie hy behoort van toe af, dis reg, solank as wat hy gelewe het. En ek sê vir jou, broer, dit kos baie genade om op te kom na die altaar en daar te bly totdat die Heilige Gees 'n Seël onder in jou brand. Jy mag skree, en huil, en snaaks optree, maar jy weet van daar af waar jy hoort, dis reg, want jy is verseël in die Koninkryk van God deur die Heilige Gees, Dit is die Seël.

<sup>133</sup> Onthou, die Heilige Gees het gekom om hulle te verseël wat God vooraf geken het. Dis reg. Reg. Hy het nie net afgekom, Jesus, gesê: “Ek sal sterf, miskien sal iemand My jammer kry en na My kyk, en sê: ‘Wel, ek veronderstel.’ Miskien as hulle sal dink Ek het soveel gely, sal dit hulle harte breek en sal hulle kom,” nie. Nee, nee. Jy sal in elk geval nie kom nie. Jy kan nie vir 'n vark sê hy's verkeerd deur op 'n mishoop te vreet nie, hy sal jou sommer

vinnig vertel, as hy kon praat: “Dis my saak, sorg jy vir joune.” Sien?

<sup>134</sup> Dit kos ’n bekering, God moet dit doen, geen mens kom na Jesus toe, tensy God hom eers trek nie. Dit kos die werk van die Heilige Gees om selfs jou hart te draai, kos God. Iemand het gesê: “Ek het God gesoek en God gesoek.” Nee, nee, nee, God het jou gesoek, nie jy wat God gesoek het nie; God soek jou.

<sup>135</sup> Goed, die Heilige Gees neem nie net enige soort vrou in, neem nie iemand in wat rook, en iemand wat drink, en iemand wat onsedelik lewe, en iemand wat saam met allerhande wêreldse dinge gaan nie, want Hy het gesê: “As julle die wêreld liefhet, die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in julle nie.”

<sup>136</sup> Maar die Heilige Gees het gekom om die Vrou van Jesus Christus in die Liggaam te verseël, wat Hy vooraf geken het voor die grondlegging van die wêreld, toe Hy, deur God in voorkennis te wees, Hy kon sien wie Hom sou ontvang en wie nie, so die Heilige Gees het gekom om *daardie* Bruid te kry, dis die Een wat Hy inneem.

Maar die kerk sê: “O . . .”

<sup>137</sup> Het altyd ’n liedjie gesing, ek hoop ek klink nie ontheiligend nie, ons het ’n liedjie gehad wat ons altyd gesing het: “Kom eet, roep die Meester,” ons het ’n liedjie gehad en dit ’n bietjie verander. Vergewe my as ek julle op enige manier laat struikel. Gesê:

“Kom sluit aan,” roep die pastoor: “Kom sluit aan;”

Jy kan die heelyd jou roomys-aandetes hê;  
Die vuil grappe vertel, pruimtabak kou, en ’n rokie blaas,

O, die pastoor roep die gemeente: “Kom sluit aan.” (In plaas van “Kom Eet.”)

<sup>138</sup> Wat ’n verskil! Neem ’n man, solank hy ’n bietjie geld het en kan inbetaal, sit hom op die diakenraad, wat twee of drie vroue het, sit hom daar, in elk geval, want hulle is invloedryke manne in die stad. Ek gee nie om of die stad hulle haat nie, ek wil hulle invloedryk in die Hemel hê, waar die Heilige Gees, waar hulle ’n invloed onder die mense kan hê. Maar dis net: “Kom sluit aan.” Alles . . .

Ek het ’n meisie gevra ’n tyd gelede: “Is jy ’n Christen?”

<sup>139</sup> En sy het gesê: “Ek sal jou laat verstaan ek’s ’n Amerikaner.” Asof dit enigiets daarmee te doen het, sy was in Switserland, asof dit enigiets daarmee te doen het.

<sup>140</sup> Broer Bosworth het gesê hy het eenkeer ’n vrou gevra: sy het gesê: “Ek sal jou laat verstaan ek brand elke aand ’n kers.” Nou, asof dit enigiets te doen het met Christendom, elke aand ’n kers

te brand. Moet *hier* ingebore word, om 'n Koninkryk van God te wees.

<sup>141</sup> Nou, ons vind daardie geeste, kyk, net omtrent die tyd wat Jesus op die toneel gekom het, het Judas op die toneel gekom; net omtrent die tyd wat Jesus van die toneel afgegaan het, dieselfde dag, het Jesus en Judas albei van die toneel afgegaan. Net omtrent die tyd wat die Heilige Gees op die toneel gekom het, wat het gebeur? Die antichris het op die toneel gekom. Want Johannes sê so, het gesê: “Kindertjies, moenie daardeur mislei word nie,” gesê: “die antichris is alreeds aan die werk in die wêreld.” Sien? Dit kom nie in hierdie laaste dae nie, dis alreeds daar, dan, dit was altyd.

<sup>142</sup> En nou, hou julle dop, net omtrent die tyd wat die antichris homself nou opstel en al die kerke inneem, selfs ons Pinkster, in die groot lykshuis hierbo in, julle weet, die VN kerke, julle verstaan waar ek bedoel. . . Ek verstaan party van ons Pinksterorganisasies gaan daarin. *Hm-Hmm!* Wat. . .? Hoe ver kan julle weggaan van die Gees van God af wanneer julle begin dwaal! Glip net van daardie smal weg af, en jy hou net aan gly. Dis reg. Jy moet terugkom na waar jy afgegaan het. Dis reg.

<sup>143</sup> Konfederasie van kerke, wat die beeld van die dier sal vorm, en ons weet dit almal. Sien, daar is dit, almal wat nou reg rondom werk om al die kerke bymekaar te bring, onssel saam te verenig om kommunisme te beveg. Moenie bekommerd wees oor kommunisme nie, dit gaan nie die ding wees om te beveg nie.

<sup>144</sup> Daar's drie gordyne, ek sê dit in die Naam van die Here, moet julle dit nie vergeet nie: Daar's 'n ystergordyn, 'n bamboesgordyn, en 'n pers gordyn. Hou daardie pers gordyn dop, hou julle oog daarop.

<sup>145</sup> O, goeiste, hoe sien ons nou die antichris wat homself begin ontvou, 'n houvas kry in die volk. Dit het selfs hulle eie man verkies, die ander kerke wat daarmee saamvorm, een yslike groot, kerkhoof maak. Al die Anglikaanse biskoppe die. . . hulle gaan nou oor na Po- . . . in Rome in om met die Pous te konsulteer, die eerste keer vir honderde jare. O, dit vorm die hoof. En ons Protestante sit agteroor, julle weet, en. . . Wel, daar het julle dit, sien, gaan net voort, want dit is afgekoel.

<sup>146</sup> Ons gaan dit nie stop nie, dit gaan nie stop nie, dit gaan erger word. Dis. . . Die Bybel het so gesê, dat die Pinksterkerk in die laaste dae, ons weet is die Laodicése Kerktydperk wat louwarm word, en God spoeg dit uit Sy mond, maak Hom siek op Sy maag, Hy kan dit net nie uithou, soos dit is nie.

<sup>147</sup> Nou, laat ons nou voortgaan en 'n paar van hierdie seëls kry, en hulle uitwerk vir die volgende paar minute. Ons gaan nou oor, as julle julle Skrifte neerskryf, kom ons gaan na Eségiël die 9de hoofstuk. En ons vind uit die profeet die eerste koms van die kerk vooruit gesien het. Nou, ons vind dat hy gesien het, die profeet

geroep het, en hy opgekyk het na die boonste poorte en gesê het: “Het jy al ooit enigiets soos hierdie gesien?” En daar het vier manne uit die boonste poorte gekom met verwoestende wapens in hulle hand. [Leë kol op band—Red.] . . . lees julle Eségiël die 9de hoofstuk. Nou onthou, daardie slagting was net bedoel vir Jerusalem: “Gaan deur die stad.”

<sup>148</sup> Maar voor hulle deur die stad gegaan het, het hulle 'n ander ding gevind wat gebeur het, daar het 'n Man gekom met, in wit, met 'n inkpot aan Sy sy, 'n skrywer se inkpot, en Hy het gesê: “Stop hierdie ander manne, dat hulle nie in die stad sou ingaan, voor die Man wat in wit geklee was, met die skrywer se inkpot, eers deur die stad Jerusalem sou gaan en 'n seël opsit, of merk, op hulle wat sug en steun oor die gruwels wat in die stad gedoen word.”

<sup>149</sup> Nou, hierdie Een met die inkpot aan Sy sy, was die Heilige Gees. Nou let op, nadat Hy deurgegaan het, toe het Hy hierdie manne losgelaat met verwoestende wapens, Hy het gesê: “Vernietig almal, beide jonk, oud, jong meisies, kindertjies, spaar niks nie; maar moenie naby enige van hulle kom wat daardie seël op hulle het nie.” Let dit op.

<sup>150</sup> Nou, wanneer het dit plaasgevind? Dit was die vroeë Pinksterkerk, toe die Heilige Gees deurgegaan het en die kerk gemerk het. Nou let op hoe geskiedenis, as julle ooit die geskifte van Joséfus geneem het, toe hy geskryf het oor die groot geveg van ongeveer 96. Toe al die mense . . . Toe die Heilige Gees . . . Toe Jesus gekom het, die tekens van die Messias gedoen het, bewys het dat Hy Messias was, nadat Hy vertrek het, het Hy Homself oorgeplaas in die Hiernamaals, die Heilige Gees teruggestuur, en die apostels gesalf, hulle het uitgegaan om dieselfde tekens te doen wat Hy gedoen het.

<sup>151</sup> Hulle het die krag van die Here gehad. Hulle het in tale gepraat, hulle het uitgeroep, daar was 'n Geweldige Rukwind wat hulle gevul het, en hulle het uitgegaan met so 'n ywer dat hulle die stede met die Heilige Gees aan die brand gesteek het. En wat het hulle gedoen? Hulle het hulle bespot, hulle het vir hulle gelag. Dis reg. Jesus het gesê: “Julle teen My spreek, sal Ek julle vergewe. Maar wanneer die Heilige Gees gekom het, sal een woord Daarteen nooit vergewe word nie.” En hulle het hulle Ewige bestemming verseël toe hulle die mense bespot het wat gevul was met die Heilige Gees.

<sup>152</sup> Jesus het vir hulle gesê, gesê: “Nou, die tyd sal kom. . .” Nou, julle moet oplet soveel leraars daar hulle—hulle het Jesus drie verskillende vrae gevra in Mattheüs 24; Hy het elkeen geantwoord. Dis waarom jy by die Sewende Dag Adventiste kom daarmee: “Bid dat julle nie in die Sabbat, op die Sabbatdag of wintertyd sal vlug nie.” Hulle het Hom gevra: “Wanneer sal hierdie dinge wees? Wat sal die teken van die koms wees? Die

einde van die wêreld?” En al, drie verskillende vrae het hulle Hom gevra. En Hy het dit verduidelik, net soos hulle Hom daar gevra het. En dit het plaasgevind, die geskiedenis wys dis reg.

<sup>153</sup> Wat sou doen. . .? Watter verskil sou dit maak as jy nou vlug, uit die stad uithardloop, op die Sabbatdag? Toe, is die—die poorte van die stad gesluit op die Sabbatdag. Watter verskil sou dit maak? Gewys dit was nie universeel nie, want sou somertyd in een plek en winter in ’n ander wees. “Bid dat julle nie in die wintertyd sal vlug, of op die Sabbatdag nie.” Want, in daardie dag. . . Hy. . . Hulle is gewaarsku, gesê: “Laat hulle wat in Jerusalem is, vlug na Judéa.” Judéa was toegesneeu in die wintertyd. “Bid dat julle nie in die wintertyd sal vlug nie, ook nie op die Sabbatdag nie.”

<sup>154</sup> Maar toe Titus gekom het, en hulle gesien het. . . Jesus het vir hulle gesê: “Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel word, laat hom wat in die veld is, nie terugkeer om sy jas te kry nie, maar hardloop na die heuwels van Judéa net so vinnig as wat jy kan gaan. Kom daar uit! Want hulle gaan die Heilige Gees laster, en as hulle die Heilige Gees laster, neem hulle die merk van die dier, en daar’s niks behalwe vernietiging oor nie.”

<sup>155</sup> Daardie Jode, toe hulle gevaar sien kom het, het hulle gesê: “Nou sal ons vergader in die stad, in die huis van die Here en bid.” Klink dit nie baie godsdienstig, baie mooi nie? O, Satan kan dit net so werklik laat lyk. Sekerlik.

<sup>156</sup> Maar onthou, Joséfus het gesê dat daardie mense wat kannibale was, gesê: “Daar’s ’n klomp wat Jesus van Násaret volg wat rondgegaan het om die siekes te genees,” gesê: “Pilatus het Hom doodgemaak, en hulle het Sy liggaam weggesteel, en dit iewers neergesit, en dit opgesny en dit geëet.” Hulle was kannibale.

<sup>157</sup> Wat hulle gedoen het, was nagmaal neem, die liggaam van die Here. Sien? En hy het gesê: “Nie een van hulle het verlore gegaan nie, want hulle het gehardloop na Judéa, net soos die Skrif vir hulle gesê het om te doen, soos Jesus vir hulle gesê het om dit te doen.”

<sup>158</sup> Maar daardie Jode, hulle het almal in Jerusalem ingegaan, en hulle het gesê: “Nou, sal ons vergader in die huis van die Here, en groot Jehova, Wat altyd met ons was, sal afkom, en Hy sal die leërs van Titus verdryf, dis wat Hy sal doen.”

<sup>159</sup> Maar wat het hulle gedoen? Hulle het gesondig teen die Heilige Gees, hulle sou die krag van die Heilige Gees wat gewerk het, bespot. Hulle het Jesus Christus genoem, Wat gewerk en hulle gewys het dat Hy hulle Messias was, hulle het Hom Beëlseubub genoem, Hom ’n duiwel genoem, vir Hom gesê dit was een of ander soort telepatie, gesê Hy was ’n duiwel, die werke wat Hy gedoen het, die werke van die duiwel was. Dit was hulle verdiende loon.

<sup>160</sup> Nou, broer, wag jy net, ons sal nie tyd kry vanaand nie, maar môre-aand wil ek julle oorneem en julle wys dat die Verenigde State dieselfde ding gedoen het, presies. Ek sal dit vir julle bewys deur die Skrifte, môre-aand, as die Here wil, dat hoe die Verenigde State dieselfde ding gedoen het, presies, in hierdie laaste veertig jaar. Hulle het gespot en hulle holy-rollers genoem, Pinkster fanatici, en alles in die wêreld, en God wat met hulle werk met tekens en wonders, en die groot kerke het net weggegaan soos *hierdie*, en bespot. En nou in die laaste dae, wat het gebeur? Laat ek die Skrifte vir julle bring. Is julle gereed?

<sup>161</sup> Ek verskil van my kosbare Broer David du Plessis, wat soontoe gaan saam met Dr. McKee en al hierdie groot kerke. En nou wat gaan hulle . . . [Leë kol op band—Red.] . . . nou. O, die Presbiteriane sê: “Ons het sprekers in tale nodig. Ons het nodig dat hulle die doop van die Heilige Gees kry. Ons het Goddelike genesers nodig,” en alles soos dit.

<sup>162</sup> Waarom het hulle dit nie veertig jaar gelede aanvaar toe dit uitgekom het, in plaas van om daarmee te spot nie? Hulle sal dit nooit doen nie. Hulle is dood, hulle is denominasies, en elke denominasie is dood. Presies reg. Dit sal nooit weer opstaan nie. Geen denominasie sal nooit opstaan nie. Gemeentes, julle het julle dag gehad; Eenheid, julle het julle dag gehad; Vierkant, julle het julle dag gehad, tyd van Mev. McPherson; die ouskool Gemeentes het hulle dag gehad.

<sup>163</sup> Wel, wat het julle gedoen? Julle het julleself gedenomineer en julleself afgesonder. Jy sal nooit ’n denominasie inneem nie, want dit was ’n Katolieke orde in die eerste plek wat God in die begin veroordeel het, dit sal nooit ingaan nie, geen Baptis, Presbiteriaan, of niks anders nie. Maar God sal ’n honger hart trek uit elke denominasie wat Hy kan, want dis Sy Liggaam wat Hy sal inneem, hulle wat verseël is deur die Heilige Gees.

<sup>164</sup> Hulle het klaar die merk van die dier geneem. Kyk nou daarna, die Pinksterkerk het klaar sy kleure gewys, nou is dit uitgespoeg. Jesus aan die buitekant, wat klop, probeer inkom. [Broer Branham het op die preekstoel geklop—Red.] Wat klop Hy? Die einste Messiaanse klop, en alles, en hulle het Hom steeds wegge wys. Sekerlik, hulle doen dit.

<sup>165</sup> Maar wat het gebeur? In watter dag lewe ons? O, my broer, in watter dag lewe ons? Moenie dink ek’s mal nie, ek hoop ek is nie. As ek mal is, los my net uit, ek voel beter op hierdie manier, as wat ek op die ander manier het. Maar luister, luister, ek sê julle, my broer en suster, waarvan is dit die teken? Dis die teken dat ons aan die eindtyd is. Wat het Jesus gesê van die slapende maagd?

“O, noem jy daardie kerke maagdelik?”

<sup>166</sup> Net soos Kain was, presies dieselfde ding. Hulle aanbid, maar die slapende maagd het geen Olie in haar lamp gehad nie. Is dit reg? So toe sy uitgevind het sy was later as wat sy gedink het,

kommunisme haar bekruipe het, het sy gesê: “O, gee vir ons van julle Olie. Hoe kry julle hierdie Heilige Gees?”

“Gaan koop julle Dit by een wat Dit verkoop.”

<sup>167</sup> En onthou, die einste tyd wat die slapende maagd gegaan het om die Olie te koop, dis toe die Bruidegom gekom het. Glorie! Sien julle dit nie? As die Presbiteriane, en die Episkopale, en daardie ander, kom soek na die Heilige Gees, moet jy liewer jou lamp knip. Geknip, geknip, ja, dit moet geknip word. Pinkster, beter 'n paar lampe knip. Amen. Baie van hierdie wêreld van julle afgeknip kry. Julle het klaar roet gevorm, die pit is in 'n slegte toestand.

<sup>168</sup> Julle weet, daardie pit is 'n groot ding. Ek het altyd. . . Kyk, wat 'n ware pit van God is, 'n—'n gelowige, is 'n pit. Kyk, hy het Vuur aan die een kant, *hier* bo, en die ander punt is gedoop in Olie, wat Olie optrek en Vuur maak. Wat 'n—wat 'n Kerk! Wat 'n krag! Wat 'n plek om te wees! Halleluja!

<sup>169</sup> Skyn, daardie selfde Evangelie Lig wat geskyn het in die ooste, skyn in die weste. “Dit sal Lig word in die aandtyd.” Staar op, knip jou lamp, Pinkster, knip die wêreld af, knip af die modes van die wêreld, knip af die dinge van die wêreld, maak gereed, die uur is op hande.

<sup>170</sup> Net toe hulle gegaan het om Hierdie te kry, wat het gebeur? Wat het plaasgevind? Toe het die Bruidegom ingegaan.

<sup>171</sup> Sien, Amerika het die Heilige Gees gelaster. Sy het Daarmee gespot vandat Dit veertig of vyftig jaar gelede op die toneel verskyn het. Sy het die heelyd gespot, die ander kerke het gespot, hulle het hulleself gewys, nou begin hulle hulle kop uitsteek, en sê: “Ons wil graag 'n bietjie Hiervan hê.” Maar net toe soos hulle dit begin doen het, is dit 'n teken dat ons ons lamp moet begin knip.

<sup>172</sup> God rig 'n paar predikers op wat sal gaan om lampe te knip. Ek sê julle wat ons vandag nodig het, is iets wat ons lamp sal knip, sodat die ware Pinkster Vuur. . .

<sup>173</sup> Jy 'n ou lamp kry waar die—die roet oral op die lamp sit, sal dit jou lamp laat rook. Dis wat fout is met ons, ons het te veel roet op die lamp, te veel koolstof, die Vuur kan nie reg trek nie, Dit kan nie genoeg lug van onder af kry nie. Wat ons nodig het, is 'n goeie asemhaling, 'n goeie asemteug, weer vars asem uit die Hemel van die doop van die Heilige Gees, en die Heilige Gees wat in die Kerk werk met tekens en wonders wat volg, die ware Seël van God.

<sup>174</sup> Nie sê: “Wel, ek sal na die Gemeentes toe gaan, as hulle my nie reg behandel nie, sal ek na die Vierkant toe gaan,” nie. O, jy is vol roet, jou lig rook. Knip jou lamp! Maak gereed, ons is by die eindtyd.



175 Maar hulle sal, iemand sal dit preek, iemand sal dit vertel, iewers sal daar sommige van hulle wees wat dit sal kry. Dis reg. Ek weet nie hoeveel nie, want Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, waarin agt siele gered is.” Maar ek weet nie hoeveel dit sal kry nie, maar daar sal sommige van hulle wees wat hulle lamp sal knip, dis al wat dit is, want lampkniptyd is aan die gang.

176 En toe die—toe die slapende maagd uitgegaan het, wat alreeds die merk van die dier ontvang het. . .

Julle sê: “Merk van die dier, daardie?”

177 Ja, inderdaad. So het Kain die merk ontvang en uitgegaan. Wat was dit? Toe die Baptiste kerk, toe die Pinksterkerk, toe die Presbiteriaanse kerk, die merk van die dier aanvaar het in plaas van om die Heilige Gees te ontvang, het hulle weggegaan van God, en vir hulle ’n organisasie gemaak. Wat het hulle gedoen? Het vir hulle ’n vals vrou geneem, ’n vals vrou van die wêreld, gegrimde Isébels ingebring, en alles, met kort hare, en wat kortbroek dra, en rompe, en, van ’n Hollywoodmode, en predikers het begin om hulle in te neem met diakens met twee of drie vroue. En—en ’n man. . .

Jy sê: “Jy praat altyd van ons vroue, van ons vroue.”

178 Goed, manne, dan sal ek julle eenkeer roskam. Laat ek julle iets vertel: Enige man wat sy vrou sigarette sal laat rook en kortbroek dra, ek het min respek daarvoor dat hy selfs ’n man is, hy’s so verwyfd dat hy nie eens weet waaraan hy behoort nie, hy’s nie ’n man nie. Dis reg. O, halleluja! Reg. Hy’s ’n swak verskoning vir ’n man. O, hy mag ses voet lank wees, tweehonderd pond weeg, maar dit lyk nie vir my na ’n man nie. Dit wys wie is baas in jou huis. Sy sal haar voet stamp: “Ek sal jou net nou sê,” en jy sou buig asof jy ’n siek katjie is. Wat’s fout?

179 Ons het nodig, wat ons vandag nodig het, is mans. Ons het Evangelie predikers nodig. En enige prediker wat op die preekstoel sal staan, en stilbly oor daardie dinge, ek het min respek dat hy deur God geroep is. Dis reg. ’n Man wat skaam is om op die preekstoel te staan en die God se waarheid te vertel, wanneer hy weet dis ’n onsedelike ding vir ’n vrou om haar hare te sny!

180 Die Bybel. . . ’n Man het ’n reg om sy vrou te verlaat en vir haar ’n egskeiding te gee wanneer sy haar hare sny, die Bybel het so gesê. Wie is die hoof van die vrou? Haar man. En die Bybel het gesê: “As ’n vrou haar hare sny, onteer sy haar hoof.” Daar behoort nie met enige oneerbare vrou saamgeleef te word nie. Amen. Sy sny haar heerlikheid af. En so ook die kerk, wanneer sy dieselfde ding doen, sny sy haar heerlikheidsstroom af.

181 Hmm! O God, waarom sê ek hierdie dinge? Maar dis waarheid. Nee, ons het nie—ons het nie toegeërs nodig nie, ons

het mans en vroue nodig wat sal staan vir geregtigheid en reg en die waarheid vertel, ongeag wat dit is. Amen.

<sup>182</sup> Die Seël van God, knip julle lampe, my broer. Laat die lig van die Heilige Gees weer vars uitbrand. Dit word donker. O, dis so 'n verskriklike tyd! Dit word donker.

<sup>183</sup> Hier 'n tyd gelede het ek afgegaan, ek het van Dallas af gekom en het oorgevlieg en na Indiana toe gegaan, en 'n storm het opgekom en—en die vliegtuig moes land in Memphis. En ek—ek . . . Hulle het my in daardie yslike groot, mooi hotel daaronder gesit, en vir my gesê, hulle het my naderhand gebel, gesê: “Ons sal jou in die oggend om sewe-uur skakel. Ons sal die, 'n diens jou laat oplaai.” Want hulle sou . . . Ek het alreeds my reis betaal, en hulle—hulle moes my verblyf betaal in die hotel daardie aand.

<sup>184</sup> So ek het gesit en 'n paar briewe vir my vriende geskryf. Die volgende oggend het ek opgestaan en afgegaan om die briewe te pos, en ek het in die straat afgegaan, ek het gedink: “Ek sal nou opskud, want daardie limousine gaan ons oplaai op 'n sekere tyd.”

En ek het in die straat begin afgaan, baie vinnig geloop, julle weet, die Heilige Gees het gesê: “Staan stil.”

Ek het omgekyk, en 'n groot, Ierse polisieman wat daar gestaan het, hier oorkant toe gekyk het, en ek het gedink: “Sekerlik, was dit nie hy wat dit gesê het nie.”

En ek het weer begin loop, gesê: “Kom hiernatoe.”

<sup>185</sup> En daar was 'n paar visvangkatrolle en goed daar, Ek het nadergestap soos *hierdie*, en ek het gedink ek sal net maak asof ek daarna kyk, sodat hy nie agterdochtig sal raak oor iets nie. So ek het soontoe geloop en begin kyk na hierdie katrolle, en ek het gesê: “Hemelse Vader, was dit U wat gepraat het?”

Hy het gesê: “Draai om, en gaan noord, en hou aan loop.”

<sup>186</sup> Ek het gesê: “Ja, Vader.” Ek het net begin. Glo julle kinders van God behoort gelei te word deur die Gees van God? Julle moet beslis. Dis wat fout is met ons, ons lampe is so vol rook dat ons niks meer kan sê nie.

<sup>187</sup> Hier was ons, ek het begin loop, ek het geloop, en ek het geloop, en ek het geloop, en ek het gedink: “Wel, goeiste!” Ek het gekyk, tyd vir die vliegtuig om te kom, en Hy het net bly sê: “Loop,” ek het net aanhou loop. Ek het oorgegaan en ek het, oorkant aan die ander kant gekom, en ek het in daardie, die kleurlingdistrik daar oorkant beland.

<sup>188</sup> En ek het afgegaan, wel, die, dit was baie hoog, die son was baie hoog, en ek het gedink: “O, ek het my vliegtuig gemis, wel, as Hy gesê het loop, reken ek miskien dat Hy bedoel het ons sal huis toe stap, so ek sal net aanhou loop, my tas daar agter los.” So toe het ek gegaan—ek gegaan . . . Ek het nog my tas by die

hotel gehad, en ek het hierdie briewe gehad, ek het aanhou loop, gedink: “Wel, Here . . .”

Iets het net bly sê: “Hou aan loop, hou aan loop,” ek het net aanhou loop.

<sup>189</sup> Dis die enigste ding om te doen, maak nie saak hoe dit lyk nie, hou net aan, in elk geval. As God gesê het om dit te doen, hou net aan, in elk geval. Dis hoe jy dit doen. Dis hoe jy gesond word, sien, hou net aan loop. Sê: “Gister kon ek nie my vinger *soveel* wikkêl nie, vandag kan ek dit *soveel* wikkêl, prys God, môre, sal ek dit *soveel* wikkêl, en volgende dag *soveel*, en dan die eerste ding, is ek . . .? . . .” Hou net aan loop, dis al, hou net aan loop.

<sup>190</sup> Toe het ek daar aan die ander kant van Memphis gekom, en toe ek het, wel, het ek afgeloop deur een of ander, ’n groot kleurlingdistrik daar, klein ou krothuisies, daarbuite. En ek het gedink: “Wat doen ek hier oorkant?” Ek het gedink: “Wel, Hy het gesê hou aan loop. As Hy wou hê ek moet ’n ander kant toe draai, sou Hy vir my sê.” So ek het net aanhou loop. En ek het geloop, en ek het daardie liedjie gesing waarvan julle Pinkstermense sing, kom ons kyk of ek die wysie kan kry:

Hulle was vergader in die bo-vertrek,  
 Almal in gebed in Sy Naam,  
 Gedoop met die Heilige Gees,  
 En daar het krag vir diens gekom;  
 Nou, wat Hy vir hulle gedoen het daardie dag  
 Sal Hy vir jou dieselfde doen,  
 Ek’s so bly dat ek kan sê ek’s een van hulle.

Julle het dit gehoor, het julle nie? Ja, meneer.

Hierdie mense mag nie geleerd wees,  
 Of spog met wêreldse roem nie,  
 Hulle het almal hulle Pinkster ontvang,  
 Deur geloof in Jesus’ Naam;  
 En vertel nou, beide ver en wyd,  
 Sy krag is steeds dieselfde,  
 Ek’s so bly dat ek kan sê ek’s een van hulle.

<sup>191</sup> Ek het geloop, dit vir myself geneurie, ek het gekyk, ek het ’n ou gekleurde vrou sien leun oor ’n—’n—’n hek, daar soos *hierdie*, en dit was ver bo, en o, dis pragtige lentetyd, en die kanferfoelie. Julle—julle—julle dink lemoenbloeisels ruik lekker, wag net tot julle kanferfoelie ruik in Indiana daaragter. So, en daar was . . . En sy het daar oor geleun, en sy het ’n manshemp om haar kop gebind gehad, baie groot, vet gesig, julle weet.

<sup>192</sup> En ek het aangekom, ek het gedink . . . Wel, ek het haar daar sien staan, ek het aanhou loop soos *daardie*, en toe ek naby gekom het, het sy begin lag, yslike groot trane het uit haar oë begin afloop. Ek het gesê: “Goeiemôre, Antie.” Dis gewoonlik hoe ons gekleurde mense in die suide sou aanspreek.

Sy het gesê: “Goeiemôre, Eerwaarde.”

Ek het gesê: “Eerwaarde?” Dis ’n prediker, julle weet. Ek het gesê: “Hoe het jy geweet ek is ’n eerwaarde?”

Sy het gesê: “Ek het geweet jy gaan kom.”

Ek het gesê. . . Gestop en omgedraai, ek het gedink: “Vader, is dit dít? Stuur U my af na hierdie Negervrou toe?”

En sy het daar gestaan, en ek het gesê: “Hoe het jy geweet ek is ’n eerwaarde?”

Sy het gesê: “Het—het jy al ooit daardie storie van die Sunamitiese vrou gelees?”

Ek het gesê: “O, ja.”

<sup>193</sup> Sy het gesê: “*Ek’s* daardie soort vrou.” En sy het gesê: “Ek het nie enige kinders gehad nie, en ek het vir die *Here* gesê as Hy vir my ’n baba sou gee dat ek sou—dat ek sou—ek dit sou grootmaak om—om Hom te dien,” en gesê: “Ek—ek het dit gedoen. Die Here het my ’n baba gegee,” en gesê: “ek het oor ’n wasplank gewas om my ’n lewe vir hom te maak.”

<sup>194</sup> En gesê: “Hy—hy was so ’n goeie seun gewees,” maar gesê: “hy het ’n pad gekies wat verkeerd is, hy het in die verkeerde geselskap beland.” En gesê: “Hy,” en sy was ’n ou Pinkstergelowige, en so, sy het gesê, sy: “hy het die verkeerde pad gekies,” en gesê: “hy het ’n verskriklike geslagsiekte gekry.” En gesê: “Ek het dit nie geweet nie.” En gesê: “Nou kan hulle niks vir hom doen nie,” gesê: “sy hart is klaar opgevreet.” Gesê: “Hy lê daarbinne, op sterwe.”

<sup>195</sup> En gesê: “Gisteraand het ek heelnag gebid.” Gesê: “Hy is al twee dae bewusteloos, Eerwaarde.” En gesê: “Ek het heelnag gebid, gisteraand.” En ek het gesê: “Here, U het my hierdie baba gegee,” gesê: “Ek—ek is U dienskneg,” gesê: “waar is daardie Elisa,” het hy gesê. En gesê: “Ek het aanhou bid.”

<sup>196</sup> Gesê: “Vanmôre het ek op my knieë aan die slaap geraak,” en sy het gesê: “omtrent twee-uur.” En sy het gesê: “Ek het gedroom dat die Here vir my gesê het: ‘Kom hier, staan by hierdie hek.’” En sy het gesê: “En gesê: ‘Hy sal in die straat afkom met ’n bruin pak aan, en ’n klein, bruin hoedjie.’” En gesê: “Ek het hier gewag van voor daglig af, en ek het jou sien kom,” gesê: “dat. . . ek—ek het geweet.” O, dis Pinkster, dis ware Pinkster.

Ek het vir haar gesê, ek het gesê: “My naam is Branham, Antie. Het jy al ooit van my gehoor?”

Sy het gesê: “Nee meneer, Eerwaarde Branham, ek het nog nooit van jou gehoor nie.” En sy het gesê: “Ek’s jammer, maar ek het nog nooit van jou gehoor nie.” Sy het gesê: “Sal jy nie inkom nie?”

En ek het gesê: “Ja, mevrou, dankie.” Ek het nooit nog ’n woord gesê nie. Ek het gedink: “Dit moet dit wees.”

197 So toe ek ingestap het, het hulle 'n ou ploegpunt gehad wat aan 'n ketting aan die hek gehang het om dit weer toe te trek. Het in 'n ou tweevertrekkie ingegaan, wat ons 'n haelgeweerhuis in die ooste noem, lang vertrekkie.

198 En ek was in koning se paleise, het gaan bid vir Koning George van Engeland, ek was by Gustaf bo in Swede, en ek was in baie konings se paleise, en Koning Farouk, en—en baie ander plekke, en groot maghebbers en monarge, van die grootstes wat die wêreld vandag het, ek het die voorreg gehad om in te gaan, met hulle te praat, 'n onderhoud te voer, ek was in pragtige huise, maar ek was nooit meer welkom, en het enigsins meer tuis gevoel, as wat ek het in daardie klein, Negerhutjie daardie oggend nie. Toe ek daar ingegaan het, was nie 'n mat op die vloer nie, 'n ou hemelbedjie wat soort van so gestaan het, en hulle het 'n groot bordjie op die deur daar gehad, wat gesê het: “God seën ons huis.”

Ek was in mense se huise wat hulleself Christene noem, en prikkelprente en vuil, vulgêre prente van dinge teen die muur.

Ek het regtig tuis gevoel.

199 Daar op die bed gekyk, en daar het 'n yslike groot, fris, gekleurde seun gelê, ek reken sou 'n honderd-en-sewentig pond weeg, en hy het die kombers in sy hand gehad en gegaan: “*Uhm! Uhm!*”

Ek het gesê: “Wat makeer, Broer?”

En sy het gesê: “Eerwaarde, hy het vir twee dae nie gepraat nie.”

En hy het bly sê: “Dis *donker* hierbinne. Dis *donker*. Ek weet nie waarnatoe ek gaan nie. *Uhm! Uhm!*”

200 En die ou antie het na my toe gekom, sy het gesê: “Eerwaarde, hy dink hy's buite in die rivier iewers, op die see, en dis donker, en hy roei 'n boot en hy kan nie sien waarheen hy gaan nie.” En gesê: “Hy sê dit al vir twee dae.”

201 En ek het gesê: “O, dis te erg.” En ek het gesê: “Wel, Antie,” ek het gesê: “my bediening, ek het pas Dallas, Texas verlaat, ek bid vir die siekes.” Sy was nie daarin geïnteresseerd nie.

202 Sy het gesê: “Net een ding wil ek sê, Eerwaarde. Ek wil hê jy moet bid, en as God van die Hemel my net sal laat hoor dat my seun sê: ‘Mamma, dis alles reg, ek's gered,’” gesê: “sal ek gereed wees om hom te laat gaan.” Gesê: “Maar ek het so hard gewerk, en so hard gebid vir my seun,” gesê: “Ek haat dit net om hom so te sien sterf, en te weet hy gaan verlore, teruggeval soos hy is.” Gesê: “As ek hom net kan hoor sê: ‘Dis alles reg, Mamma, ek's gereed om te gaan!’ Sal jy bid?”

203 Ek het gesê: “Goed, Antie.” En ons het op die vloer gekniel, en ek het haar gesien met daardie, of, ek reken, haar seun se hemp om haar kop vasgemaak, yslike groot ou vet wange soos daardie,

en sy, yslike groot vrou, sy het gekniel. Ek het gedink . . . Ek het gesê: “Antie, lei jy ons in gebed.”

<sup>204</sup> O, broer, as ek toe nog nie geweet het sy was Pinkster nie, sou ek dit toe geweet het. Praat van bid! Daardie ou vrou het ’n gebed gebid wat net sou, jy kon net jou hare agter op die jou nek voel regop staan. Sy het gebid asof, ek sê julle, sy het met Hom gepraat asof sy al voorheen met Hom gepraat het, sy het geweet met Wie sy praat. Toe . . . O, so ’n gebed, sy het net my hart laat lui. En toe sy klaar was, het sy oorgebuk, hom op die kop gesoen, sy het gesê: “God seën mamma se baba.”

<sup>205</sup> Ek het gedink: “Daar is dit, daar is dit.” Sien? “God seën mamma se baba.” Al het hy skande oor die huis gebring, yslike groot, fris kêrel soos daardie, maak nie saak wat hy gedoen het nie, hy’s steeds mamma se baba, want daardie moederliefde beweeg steeds na hom toe.

Ek het gedink: “Ja, dis reg.”

<sup>206</sup> Maar die Bybel het gesê: “Kan ’n moeder haar suigeling vergeet?” Gesê: “Sy mag dit doen, maar Ek kan julle nie vergeet nie, julle name is gegraveer op My handpalms.” Wat ’n ver- . . . wat ’n groot liefde, hoe God ons ooit sou vergeet! Al is ons lampe swart gerook, het Hy ons nog steeds lief. Laat ons net ons flou lamp knip, my broer, laat ons uitstaan. Kom ons—kom ons maak gereed om die Here Jesus te ontmoet, kom ons maak onself skoon, kom ons maak onself gereed, kom ons bid, kom ons maak reg.

Daar, het sy hom so gesoen. Hy het gesê: “O, dis donker, Mamma. O, dis donker,” daardie deken heen-en-weer getrek.

En ek het aan sy voete gevat, sy voete was koud en klam, en ek het gesê, net asof hy sterwend was, en ek het gesê: “Kan jy my hoor, Broer?”

<sup>207</sup> Hy het gesê: “O, Mamma, dis donker,” het hy gesê. En ek het met hom probeer praat, hy het nie geweet nie, het sy kop geskud soos *daardie*, en goed wat by sy mond uitloop. En hy het gesê: “O, Mamma, dis donker, dis donker. Ek weet nie waarheen my boot gaan nie,” soos daardie.

En sy het begin huil, daardie groot ou wange afgevee, soos *daardie*, en sy het gesê: “Sien jy wat ek bedoel, Eerwaarde?”

Ek het gesê: “Ja, mevrou.”

Sy het gesê: “Sal jy volgende bid, Eerwaarde?”

Ek het gesê: “Ja, mevrou.” En ek het gekniel, ek het gesê: “Kniel jy saam met my.”

<sup>208</sup> En ek het my hande op sy voete gesit, ek het gesê: “Hemelse Vader, dis nou na nege-uur, my vliegtuig is al lankal weg.” Ek het gesê: “Ek—ek bid dat U genadig sal wees. Ek weet nie hoekom U my hiernatoe gelei het nie, hierdie is sekerlik die plek, dit is

waarheen, want ek sou nie hiernatoe gekom het as U my nie gelei het, en hierdie vrou wat hier staan nie, U lei ons nooit tevergeefs nie, U wys ons altyd wat U—wat U doen. So ek bid, Vader, as—as dit U wil is, dat U die seun sal laat . . . die vrou die versoek toestaan, en mag sy . . . mag hy gered word, ek bid dat U sy liggaam sal genees.”

<sup>209</sup> En terwyl ek nog gebid het, het hy gesê: “Mamma, o, Mamma, dit word lig in die kamer.” O God! “Dit word lig in die kamer.” Julle weet, binne ’n paar minute het hy op die rand van die bed gesit en met ons gepraat, daardie groot, swart arm om my gesit, soos *daardie*.

<sup>210</sup> Ek het gesê: “Ek moet gaan.” En ek het in die straat begin afgaan, en ek het ’n taxi gekry, baie vinnig soontoe gehardloop en my tas gekry, ek het gesê: “Wel, ek sal uitgaan, een of ander tyd vanaand die vliegtuig haal.” Dit was verskriklik, net na die oorlog daar, en dis verskriklik erg wanneer . . . om ’n vliegtuig uit te kry. En net toe ek ingery het, het hulle gesê: “Laaste oproep vir vlug nommer 172, vir Louisville.” Daardie vliegtuig het al daardie tyd op die grond gebly, ek het dieselfde vliegtuig gehaal. Sien, God laat alles reg werk, doen Hy dit nie?

Omtrent ’n jaar later sou ek . . . [’n Broer praat in tale, ’n ander gee uitleg—Red.]

<sup>211</sup> God, O Vader, hoe ons U dank vir hierdie waarskuwing aan ons! Here, ek weet dis nie tevergeefs nie. O God, laat die mense sien ons probeer hulle net kry om hulle lampe te knip, om gereed te maak. Die uur kom nader, Here, wanneer al hierdie tekens, die slapende maagd wat nou soek na Olie, al hierdie dinge, om U Gees te hoor afkom en die Boodskap bevestig, dat Dit waar is!

<sup>212</sup> God, ek bid dat U die mense sal seën, laat hulle vanaand deur God gewaarsku word, en geen rus hê totdat hulle hulle lampe geknip, en—en gereedgemaak het om die Bruidegom te ontmoet, nie. Skenk dit, Vader. Amen.

<sup>213</sup> Hoe pragtig! Het julle daardie man opgelet? Het julle opgelet hoe hulle . . . ? Julle—julle Pinkstermense oor onderskeiding wat julle verwar? Kyk hoeveel groter is hierdie as dit. Sien? Hoe daardie—daardie, sien, die einste klank van die stem wat daardie man gegee het, die interpretasie sien kom op dieselfde, sien, dieselfde manier? Net omtrent dieselfde lengte, dieselfde hoeveelheid paragrawe, en alles. Dis die Heilige Gees. Ek vertel julle die waarheid, dis waar.

<sup>214</sup> O, sondaarvriend, soek nou die Here, roep Hom aan terwyl Hy—terwyl Hy gehoor kan word. Hoor Hom, hoor Hom is my gebed.

<sup>215</sup> Ek wil julle vertel wat gebeur het. ’n Jaar later het ek deurgegaan op die trein, na Phoenix toe gekom. As jy ooit in Memphis was, van die ooste af gekom het, trek jy op soos *hierdie*. Ek het van die trein afgeklim, daardeur begin afstap. Die trein,

hulle gee jou omtrent . . . hulle vra jou vyftig sent vir 'n klein toebroodjie, en dan is dit baie dun. En ek het gewag tot ek by 'n punt gekom het waar ek kon afklim en vir my 'n paar hamburgers kry, en ek kry 'n sak van hulle en klim terug op die trein, sien, en ek—ek kon—kon daarvan leef. So toe, het ek gekry . . . Ek kon nie . . . Ek glo nie daarin om die gelowiges se geld te neem en dit te spandeer, sulke goed nie.

<sup>216</sup> So toe, ek—ek het die, het vir my 'n paar hamburgers gekry, en ek het soontoe gegaan, afgehardloop in *hierdie* rigting na waar die staanplek was, ek het iemand hoor sê: “Hallo daar, Eerwaarde Branham!” Ek het omgekyk, 'n klein rooi petjie.

En ek het gesê: “Hallo daar.”

Hy het gesê: “Wag 'n oomblik!” Hy het soontoe gekom, gesê: “Hoe gaan dit?”

En ek het gesê: “Dit gaan goed met my—my.” Ek het gesê: “Ek glo nie ek ken jou nie.”

Hy het gesê: “O, ja, jy ken my.”

En ek het gesê: “Ek . . . miskien het dit my net ontgaan.”

Gesê: “Onthou jy dat jy een oggend in die straat afgekome, en by 'n huis gekom het waar 'n seun gelê het, op sterwe aan 'n geslagsiekte?”

Ek het gesê: “Jy's nie . . . !”

Gesê: “Ja, meneer, *ek's* hy.” Hy het gesê: “Nie net is ek genees nie, maar *ek's* nou gered, Eerwaarde Branham.”

<sup>217</sup> O, die helfte is nog nooit vertel nie. Wat meer kan die goedhartige, genadige, kosbare, Hemelse Vader doen om—om ons te waarsku, en om ons reg te kry? Wat kan Hy nog doen? Het julle Hom lief? Het julle Hom lief met julle hele hart, julle hele siel, en met julle hele verstand?

<sup>218</sup> Hoeveel sondaars is nou hierbinne? Soos ons ons hoofde buig, net 'n oomblik. Steek jou hand op, sê: “God, sit Vuur in my lamp vanaand, Here. Steek my kersie aan en laat my vir Christus brand tot ek sterf.” Sê: “Ek kies nou my pad saam met die Here se paar veragtes.” Laat my jou hand sien. Sondaarvriend, sal jy jou hand opsteek, Christus aanvaar as jou Verlosser? Sal jy net jou hand opsteek, balkon, of onderste vloer?

<sup>219</sup> Ons het deur en deur gekam elke aand. Daar was miskien nog een of twee hierbinne vanaand, steek jou hand op, sal jy dit doen? Enige plek, sondaar? Sê: “Ek—ek wil die Heilige Gees ontvang.” Nou onthou, jy sal óf die Heilige Gees hê, of die merk van die dier neem, daar is net twee klasse. Ons sal daarby kom môre-aand. Ek het dit net soort van uitgegooi, en 'n groot fondament gemaak om dit môre-aand af te sluit.

<sup>220</sup> Steek jy jou hand op, sê: “Ek wil Dit hê, Broer Branham.” God seën jou, jongman, die Here seën jou, dis baie goed. God



gee jou die begeerte van jou hart, seun. Iemand anders, net sou opstaan, sê: “Ek wil Christus aanvaar.” God seën jou, dame. Dis baie goed, ’n baie dapper ding. Iemand anders staan op, sê: “Ek sal Christus aanvaar, ek sal dit ontvang.” Op die balkon? Ver agter in die hoek, ja. Ek, meneer, sien jou hand daarbo, my dierbare vriend. Nou, iemand anders sê: “Laat ek . . .” Laat ons nou sien, iemand anders sê: “Ek sal Christus aanvaar as my Verlosser. Ek sal my hand opsteek na Hom en sê: Ek . . .”

221 Nou, onthou julle, wanneer jy jou hand opsteek, jy dit bedoel, handel dit dit af, is dit verby vir altyd. God neem jou reg op jou woord. Bedoel jy dit net, steek jou hand op, kyk wat gebeur.

222 Goed, nog een bo in die balkon, God seën jou. Ja, dis goed. Steek net jou hand op, sien jy watter gevoel oor jou kom. As jy ’n sondaar is, steek jou hand op. Ja, die dame, jong dame wat hier voor sit, God seën jou, dierbare Suster. Nog een? Ek sal wag, Christus wag. God seën jou daarbo. Nog een? God seën jou daaragter, jong kêrel. God wees met jou, seuntjie. So, God sal dit beslis doen.

223 “Ek wil Christus as my Verlosser aanvaar.” God seën jou, agter aan die agterkant. Nog een? “Ek sal Christus aanvaar as my Verlosser. Ek is nou, op hierdie plek, waar ek sit, is ek oortuig dat ek Christus nodig het. Ek weet dit, ek het altyd geglo dat daar ’n tyd van skeiding sou kom, dat God die ware Kerk sou skei.” Hy sal, Hy sal Dit Huis toe neem, Hy maak Dit net nou gereed.

224 Sal jy kom aansluit by Jesus Christus deur jou hart vir Hom te gee? Gaan net aan in die kerk waar jy ook al is, gaan net aan, maar gee jou hart vir Hom. Verhoog . . .

225 Nou, die denominasies, hulle is, een is net omtrent soos die ander. Dis, waar dit ook al is, waar jy jou gemeenskap het, ’n groep mense vir wie jy lief is, dis alles reg. As jy aan Vierkant behoort, moenie na die Gemeentes verander nie; as jy aan Gemeentes behoort, moenie verander na die Vierkant nie, bly net waar jy is en wees lief vir die Here, enige plek waar jy is. Jy’s—jy’s gedoop in die Liggaam van Christus, so aan watter organisasie jy ook al behoort, dit red jou nie, of het niks daarmee te doen nie, net ’n plek waar mense kom. En ware, ware broers weet dit, ons weet dit almal, ons weet dit, sekerlik, ons weet dit.

226 Sal jy . . .? Is daar ’n ander wat hulle hand sal opsteek voor ons bid? God seën jou, skat. Sou nog een wees? Steek jou hand op, sê: “Ek—ek, op grond van die gestorte Bloed, wat Jesus vir my gedoen het. . . En Broer Branham, wat ek jou hoor sê het vanaand, ek glo nie dat jy ons enigiets verkeerds sou vertel nie, ek glo beslis dat jy God se dienskneg is. En op die boodskap dat ‘Jou geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God. . .’”

227 Ons gaan so mooi daarop in môre-aand, oor om van die doop van die Heilige Gees en die merk van die dier te voltooi.

228 Sal jy jou hand opsteek? Sê: “Op grond van die gestorte Bloed van Christus, steek ek my hand op na Hom, en sê: ‘Ek wil hê U moet net nou my Verlosser wees.’” Is daar nog, voor ons bid?

229 God seën jou, jong dame, daaragter, dis baie goed. God wees met jou, my suster. Sou daar nog een wees? God seën jou, my suster, wat net hier sit, dis baie goed. Sou daar nog een wees? Ver agter aan die agterkant, God seën jou, my broer, dit maak net die verskil tussen dood en lewe.

230 Nou, wat, julle wat julle hand opgesteek het, wat as vanaand julle laaste aand op aarde was? En as jy een of ander tyd tussen nou en daglig sou wakker word in jou slaap, en jou hart gaan staan, jou—jou are koel af, jou hande word koud, jy ’n—’n kussing druk terwyl jy sterf, die dokter wegstap van die deur en gesê het: “Nee, dis ’n hartaanval, hulle is weg,” sien, niks. . . jy hom dit hoor sê het? Sal dit nie wonderlik wees wanneer jy weet dat jy jou hand opgesteek het nie? O, hoe soet! Hoe bly sal jy wees!

231 Wat as jy in ’n ongeluk was op pad huis toe, en jy lê langs die pad, aan die bloei, die ambulans hoor kom, maar weet dit kom te laat, en jy weet dat jy jou hand opgesteek het na Christus? Jy sou sê: “Laat dit wees, ek moet een of ander tyd gaan, in elk geval, so ek is nou gereed, en nou is die tyd om te gaan.”

Steek net jou hand op. Maak daardie alles een besluit net nou, sal jy, my broer, my suster? Steek jou hand op.

Julle sê: “Broer Branham, waarom pleit jy so met mense? Hierdie is nie jou tabernakel nie, hierdie is nie jou kerk nie.”

232 Ek weet. Broer Buntain, my broer, is die pastoor hier. Aan die Gemeentes van God, behoort hierdie kerk, wat, hierdie gebou hier, en die Gemeentes van God is een van my grootste ondersteuners in Pinkstergebiede om die wêreld, dis nie, maar steeds, dit alles, so lief as wat ek hulle het, dis nie die rede nie, ek het jou lief, ek het jou lief as ’n individu, ek wil nie hê jy moet verlore gaan nie.

233 Ek het ’n visioen gehad, ek hoop ek het tyd om dit vir julle te vertel, wat gebeur het, paar aande gelede, ek het Hiernamaals gesien, en mense gesien, ’n vrou sien nader hardloop en haar arm om my sit daarbo. Ek was ’n bietjie rof met vroue, in elk geval, en ek het daardie vrou gesien, die mooiste ding wat ek ooit gesien het. En sy het my haar dierbare broer genoem.

En ek het gesê: “Hoekom het sy dit gedoen?”

Gesê: “Sy was oor die negentig toe jy haar na Christus toe gelei het.”

Ek het gesê: “O God, as ek net kan teruggaan, sal ek oortuig, sal ek smeek, ek sal pleit, sal ek alles doen.”

234 Sal jy nie jou hand opsteek, en sê: “Ek aanvaar Christus as my Verlosser” nie? Sekerlik, as God my laat doen wat ek wel vir

Hom doen, sal ek sekerlik weet, 'n idee hê van hoe—hoe om Hom te ontvang.

<sup>235</sup> Sou daar 'n louwarm kerklidmaat hier wees? Nou, almal met julle hoofde gebuig. 'n Louwarm kerklidmaat, net, jy het bely jy ken Christus, maar regtig, onder in jou hart ken jy nie, maar jy Hom wil ken, steek jou hand op, 'n kerklidmaat. God seën jou, meneer. Nog ander? God seën jou, Broer. God seën jou.

<sup>236</sup> Iemand anders, net 'n kerklidmaat, sê: “Ek wil Christus ken, ek—ek behoort aan die kerk.” En ek—ek kan niks kwaad daarteen sê nie. Ek sou beslis liever dat julle wees op . . . behoort aan die kerk, as hierbuite op die straat sonder enigets. Gaan julle kerk toe, maar ek wil hê julle, kom asseblief en ontvang die Seël van God.

<sup>237</sup> Want, as jy dit nie het nie, wel die Bybel sê daar's net twee klasse. Wag tot môre-aand, en julle sal sien. Twee klasse, een sal die merk van die dier hê, ander een sal die Seël van God hê. Net soos Kain en Set in die tuin van Eden, kom by daardie ding. Sal jy—sal jy jou hand opsteek? Nog een nou, voor ons bid. God seën jou, dame.

<sup>238</sup> Ons Hemelse Vader, ek het baie hande sien opgaan vanaand, meeste van hulle is sondaars en hulle wil vergifnis van sonde hê. Twee het hulle hande opgesteek dat hulle net kerklidmate was, en U nog nie geken het, en nie verseël was in die Koninkryk nie.

<sup>239</sup> Vader, ek—ek bring hierdie Skrifte, en hou hulle voor U, U het in U Woord gesê: “Hy wat My Woord hoor,” en Here, met die beste van my wete, het ek Dit gepreek, “en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe.” Nou, U het dit gesê, Vader, dis presies wat U gesê het, en ek herinner U net reguit terug daaraan. Hierdie mense het daardie Woord gehoor, en het geglo in Hom wat U gestuur het.

<sup>240</sup> Nou, U het gesê: “Hulle het nou,” teenwoordige tyd, *het*, teenwoordige tyd, “Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Wanneer het hulle dit gedoen? Toe hulle hulle hand opgesteek het, gesê het hulle glo. Nou, Here, U het dit gesê, en ek eis daardie siele.

<sup>241</sup> Satan, jy kan hulle egter nie meer vashou nie, hulle is God se kinders net nou. Ek bring dit voor jou. Jy moet jou hand van hulle lewe afhaal, hulle behoort nou aan God. Ek eis hulle vir Hom, ek eis hulle as trofeë van—van Christus se liefde by Gólgota. Ek—ek daag jou uit in 'n debat, jy het nie enige wetlike mag nie, jy het geen mag oor hulle nie, jy het dit nie in die eerste plek gehad nie, jy het hulle net gebluf, jy het net gebluf. Christus het jou gestroop van alles wat jy gehad het op Gólgota, Hy het elke krag gestroop wat jy ooit gehad het, en jy's niks anders as 'n bluf nie, en ons het jou bluf uitgedaag. Hierdie is nou kinders van God.

<sup>242</sup> En Vader, U het gesê: “Hy wat na My toe sal kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie,” U het dit belowe, en ek weet dis waar.

U het gesê U sou hulle Ewige Lewe gee en hulle oprig in die laaste dag, dan is hulle net so seker om in die opstanding te kom as wat hulle vanaand in hierdie gebou sit.

<sup>243</sup> Nou, Vader, ek vra net nog een ding: Sal U hulle vul met die Heilige Gees? Skenk dit, Here. O, vul hulle met die Heilige Gees. Moenie laat—moenie hulle siel laat rus nie, Here. Mag die hele nag lank, hulle kussings hard wees, mag hulle soos klippe voel, hulle bed, totdat hulle daarbuite op hulle knieë is, en sê: “God, vul my met die Heilige Gees.” Mag hulle die Bybel kry, Dit lees, en mag U na hulle toe kom en die Woord vir hulle uitlê, en mag hulle nou geen gemak hê nie. Hulle is U kinders, en die uur word laat, ek bid dat hulle daardie vrede sal vind wat alle verstand te bowe gaan, deur Jesus Christus.

<sup>244</sup> Hierdie kerkklidmate wat hulle hand opgesteek het, Vader, ek dank U vir hulle. Hulle—hulle—hulle het bely en in ’n kerk ingegaan, maar hulle besef net om ’n kerkklidmaat te wees, sou hulle gemerk word in die verkeerde soort vrou. Ons sal dit môre-aand kry, as U gewillig is, Vader, wys hulle dat, hoe hulle gemerk is as ’n valse bruid. Die ware Bruid het die Olie in hulle lamp. Ek bid, Vader, dat U hulle Olie in hulle lamp sal gee, vanaand. Mag daardie kerkklidmate gevul word met die Heilige Gees vanaand. Skenk dit, Here.

<sup>245</sup> Ek bid dit, nie om boos te wees nie, maar om hulle broer te wees, om te weet dat om die Hemel te mis, is om alles te mis. Wat is hierdie tydjie van die lewe, teenoor wat Ewigheid is? Dit smelt net in ’n—’n nimmereindigende in, want Dit het nooit begin nie. En, Vader, ek bid dat U hulle sal optrek in die laaste dae in daardie Ewige sfere van Heerlikheid saam met U. Skenk dit, hulle is U s’n. Ek bid, en gee hulle vir U, in Christus’ Naam.

<sup>246</sup> Nou, met ons hoofde gebuig, gaan ek elkeen vra wat hulle hande opgesteek het, om net op hulle voete te staan. Ek gaan julle nie vra om hiernatoe te kom nie, ons het nie plek nie. Maar almal wat julle hande opgesteek het, as julle oreg is met God, staan net op julle voete, net ’n oomblik. Elke persoon wat hulle hand opgesteek het, staan op jou voete, oral, in die balkonne, oral, staan net op. Jesus het gesê: “Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele.”

<sup>247</sup> Nou, ek wil hê julle kerkklidmate, en julle Christene, veral, moet rondkyk, sien wie hulle is. Ek wil hê julle moet hulle hand vat, en hulle hand skud, daar staan, sê: “God seën jou. Welkom in die Koninkryk van God, Pelgrim.” Dis reg, draai reguit om na iemand, skud hande met hulle, sê: “Welkom in die Koninkryk van God.” Dis baie goed. Dis baie goed. Dis goed. God seën julle. Die Here wees met julle. Dis so goed. Goed. God seën julle.

Nou, julle mag maar sit. Dis baie, baie goed.

<sup>248</sup> Nou, ek gaan julle vra om nou iets te doen: Maak seker om ’n pastoor te kry, as jy nog nooit in Christendoop gedoop is nie,

vind 'n pastoor, die kerk van jou keuse, en word gedoop in water, in die gemeenskap van daardie kerk. Dan wanneer jy dit doen, soek jy dan die doop van die Heilige Gees totdat jy gevul is met die Heilige Gees, en:

Ek sal jou ontmoet in die oggend, langs die  
helder rivieroewer,  
Wanneer alle smarte weggedryf het;  
Ek sal by die poort staan, wanneer die hekke  
wyd oopgaan,  
Aan die einde van die lewe se lang, vermoiede  
dag.  
Ek sal julle in die oggend ontmoet met 'n "Hoe  
gaan dit,"  
En ons sal gaan sit by die rivier en met  
wegrapping ou bande hernu,  
Julle sal my ken in die oggend, deur die glimlag  
wat ek dra,  
Ek sal julle ontmoet in die oggend, in die Stad,  
vierkantig geboude Stad.

<sup>249</sup> Vader God, hulle is nou U s'n, verseël in die Koninkryk van God, die Heilige Gees wat met hulle werk. Nou bid ek dat hulle sal . . . Ek sal hulle ontmoet in die oggend op daardie helder, blink Oewer, oorkant, wanneer alle smarte weggedryf het. Sal dit nie wonderlik wees nie, Vader? Vreugdeklokke wat lui, al die harte lig, wat sing, dit sal 'n wonderlike tyd wees. Hulle is U s'n, en ek bid dat U hulle sal hou deur U genade, totdat ons ontmoet by daardie rivier, daardie oggend. Amen.

Nou, voel julle nie goed nie? Laat dit julle nie net baie goed voel nie? Sê: "Broer Branham . . ."

<sup>250</sup> Die jong bekeerlinge nou wat pas in die Koninkryk ingekom het, ek gaan die Vader vra of Hy iets sal doen, ek het 'n reg om Hom nou te vra, sondaars het gekom, ek glo ons vind guns by Hom, nie waar nie?

<sup>251</sup> Hoeveel is siek daarbuite? Steek julle hande op, net siek en behoeftig. Goed. Ek gaan my rug draai om julle te wys dat ons in die laaste dag is. Hoeveel onthou ons lesse? Hoe die Engel van die Here, God, afgekomp het en in menslike vlees gewoen het, en vleis geëet het, net 'n gewone mens, wat so gepraat het, en tog was God in menslike vlees net voor Sodom verbrand het. En Jesus het gesê dit sou dieselfde soort teken wees wat sou plaasvind by die koms van die Seun van die mens. Glo ons dit? Hoe ons deur die lesse gegaan het om te wys wat Hy gedoen het.

<sup>252</sup> Nou, daar's nie 'n persoon hier wat ek ken nie. Ek dink ek het 'n paar weke gelede gejag saam met hierdie jong man wat net *hier* sit. Is jy nie een of ander familie van my goeie vriend nie? Is nie . . .? Jy's Broer Norman se swaer, ek glo dis reg, is dit nie? Goed. Dis die enigste persoon, en Broer en Suster Smith wat

hier sit, Broer Gene, en dis al waarvan ek weet, ek gaan draai . . . en, ja, Suster Upshaw, seën jou hart, Suster Upshaw.

253 O, hoe lief het ek Broer Willy Upshaw! Jou diens daardie aand, Broer Kopp, toe ek daar gekyk en gesien het, ek het probeer praat, en hom gesien waar hy van daardie wa afgeval het, sy rug seergemaak het, en gesien hulle kon niks vir hom doen nie. Nog nooit in my lewe van hom gehoor nie. En daar was hy, Willy D. Upshaw. Ek het gesê: “Hoe . . .?”

Ern het na my toe gekom, gesê: “Wat van daardie man?”

254 Ek het gesê: “Hy het eenkeer vir president gestaan en sou die verkiesing gewen het, as dit nie was vir sy standpunt teen whisky en die verkeerde ding nie. Die Demokratiese party sou hom verkies het. Maar hy—hy het sy standpunt ingeneem.” En ek het gesê: “Al hierdie jare, ses-en-sestig jaar, was jy op hierdie krukke en rolstoel, maar God haal hom nou daarvan af.” Daar was hy, en hoe soet!

255 Wanneer ek aan die ander Kant kom, sal ek ’n jong, aantreklike man sien afkom en sê: “Onthou jy my, Broer Branham? Ek is Broer Upshaw.”

256 Sien sy liefing daar, almal van hulle saam. Ek onthou hoe jy daardie aand gehuil het, Suster Upshaw, toe jy hom sien opstaan, hardloop na die platvorm, en sy tone aanraak met sy hand op omtrent tagtig jaar oud. Goeiste, hoe God groot dinge kan doen!

257 Goed. Die Engel van die Here het gesit met Sy rug gedraai. Nou, nou, ek hoop julle almal verstaan dit, ek is nie die Engel van die Here nie, ek is William Branham. Sien? Ek’s julle broer. Maar Hy het in menslike vlees gewoon toe Hy Homself geskep, en net verdwyn het. Glo julle dit? Nou, glo julle dit was God? Die Bybel het gesê dit was God, Abraham het gesê dit was.

258 Wat was dit? ’n Teken dat in die laaste dae . . . Nou onthou julle, toe Hy gekom het in die dae van die Here Jesus, het Hy, God in Jesus gewoon, glo julle dit nie? Dit was ’n maagdelik-gebore liggaam, ’n Saad wat van God, Self, af gekom het. En in daardie Bloedsel, toe dit gebreek is op Gólgota vir ons sondes, toe het dit die Kerk geheilig, dat die Heilige Gees in die Kerk kon woon en voortgaan met die werke van God. “Julle is My getuies, nadat julle krag ontvang het.” Dis reg.

259 Nou, as dit, as ek die waarheid vertel het, laat die Heilige Gees dan met julle praat vanaand. Ek sal my rug draai, bid julle, kyk of dit dieselfde Heilige Gees is. Nou, Hy moet met julle werk net soos Hy met my werk.

260 Party van julle broers hierbuite bid vir diegene daarbuite in die gehoor, predikers, ensovoorts. Ons sal die tyd hê, predikers.

261 Die Hemelse Vader weet dat ek dit vir geen ander doel doen nie, maar dat die—die Woord wat ek preek gemanifesteer mag

word aan die Kerk in hierdie dag, dat die Pinksterkerk van God af weggekom het, dit moet terugkom. Dis die Laodicése tydperk.

<sup>262</sup> En, God, as ek enigiets teen enigiemand gesê het om skade aan te doen, wat nie U was wat vir my gesê het nie, vergewe U my, Here, maar ek het dit gedoen net soos U dit vir my gegee het. So ek bid, Vader, dat U sal bevestig. ek het van U gepraat, spreek nou dat ek die waarheid vertel het, Here. Ek vertrou dit toe aan U, in die Naam van die Here Jesus.

<sup>263</sup> Daar's 'n paar honderd mense wat daar sit, baie van hulle siek, ek ken nie een van hulle nie, U ken, ek bid dat U U Woord sal vervul. Toe U hier op aarde gekom het, het U gesê dat U dit gedoen het sodat dit vervul kon word, wat deur die profeet Jesaja gespreek is, wat die Messias sou doen. Nou, Vader, mag Dit weer vervul word, want U het dit belowe, dis waarom U dit toelaat. In Christus' Naam. Amen.

Nou, daar's baie wat bid. As ek kan. . . As iemand, soos die vrou tjie, Sy kleed kan aanraak!

<sup>264</sup> Ja, reg voor my nou kom 'n visioen, en dit is toevallig 'n vrou, sy sit, soos ek nou staan, sou aan my regterkant wees, hierdie kant toe. Sy ly aan 'n galblaasprobleem, sy het ook hartprobleme. Met my rug gedraai, as ek haar naam sou noem, sou sy miskien verstaan. Mev. Hanson, staan op en ontvang jou genesing.

Nou, ek het nog nie omgekyk nie. Nou, glo julle? Hê net geloof. Waar was die dame? Sy's agter iewers aan hierdie kant. Net daar?

Was daardie dinge waar, dame? Is ons vreemd vir mekaar? As dit is, wuif jou hand soos *hierdie*. Was alles waar, was dit?

<sup>265</sup> Dan is dieselfde Engel van God wat daar gesit het by Sodom, Gomorra, om 'n teken vir Abraham te gee dat die uur naby gekom het vir die verbranding van Sodom, hier vanaand. Net 'n gawe om myself te laat ontspan.

<sup>266</sup> Ek sien Hom op iemand anders. Ek hoop. . . (Nou, moenie dat ek te lank bly nie.) Net 'n visioen dopgehou, 'n vrou wat hier sit en bid. Sy het diabetes. Mev. Finch, glo jy dat God jou sal gesond maak? As jy dit doen, staan op, steek jou hand op. Ek ken jou nie, is dit reg? As dit reg is, wuif jou hand. Is dit wat verkeerd is met jou? Wat Hy. . .? Goed. Jy het Iets aangeraak, het jy nie? Wat. . .? Jy het my nie aangeraak nie, het jy? Jy het aangeraak—jy het God aangeraak, dis reg. God seën jou.

<sup>267</sup> Wat dink jy jong man, wat jou neus vryf? Jy het God ook nodig. Glo jy? God sal vir my beskryf wat jou probleem is. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, neem ek aan, nee, daar's geen, dis reg, daar's geen gebedskaartjies nie. Glo jy—jy dat ek Sy profeet is? Of, Sy dienskneg, bedoel ek om te sê. Verskoon my dat ek dit sê, ek's nie 'n profeet nie, ek's net Sy dienskneg.

268 Gepla met senuweeagtigheid, net so senuweeagtig jy kan nie reg funksioneer nie. Is dit nie reg nie? As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy wat ek sou sê sou gebeur? Glo jy dit? Sal jy my gehoorsaam as Sy profeet? Dan neem ek daardie senuweeagtigheid van jou af, in die Naam van Jesus Christus. Moet nooit weer daarvan praat nie. Gaan en word gesond gemaak.

269 Het ons Here nie gesê: “As jy vir hierdie berg sê: ‘Hef jou op’” nie? As jy kan glo!

270 Man wat reg daaragter sit en na my kyk, hy wil graag hiernatoe kom, hy wil hê ek moet hande op hom lê. Dis reg. Daardie verharding van die are sou jou verlaat as jy dit net sou glo net waar jy sit. Sal jy dit doen? Sit reg daaragter, soort van grys, bril op, sit reg daaragter en kyk na my. As jy sal glo met jou hele hart! Moenie twyfel nie. Glo jy dit?

Nou kyk, reg van daardie man af weggedraai, hy het dit verloor.

271 Jou oë gevryf, en omgedraai, en gekyk met die klein... Dis reg. Die dame wat net hier sit, Dis reg oor jou met die hartprobleem, wat daar sit. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Net daar. Ja. Goed. Kry jy die genesing, dis joune. Goed. God seën jou.

Wees wakker, wees gereed om dit op enige oomblik te vang.

272 Baie liewe persoon, het baie geloof, jy's in goeie kontak met God. Ek ken jou nie. Maar glo jy dat God daardie hartprobleem wat jy het, ook sal genees? Jy het ook probleme met jou been, het jy nie, jou ledemaat? Ja, jy het 'n dogter wat ongered is, waarvoor jy bid. Dis reg. Jy's nie van hier nie, jy's van Noord Hollywood. Weet jy van wie ek nou praat? Wil jy hê ek moet jou naam noem? Mev. Beard, staan op jou voete, en aanvaar dit, in die Naam van Jesus Christus.

Glo jy? Nou, wat is dit, vriende?

Is daardie dinge waar, dame? As dit is, wuif jou hand.

Sien, dis reg. Sien? Nou, glo julle? Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie. Nou sien, die hele gebou... .

Nou, hulle—hulle het aan my geraak, sien, ek weet dis nou net genoeg. Hulle hou my dop, julle weet, wanneer ek genoeg het.

273 Nou, laat ek jou vertel, my vriend, ek het jou die waarheid vertel, God het bevestig dat ek jou die waarheid vertel het. Die eerste salwing van God wat hierdie selfde Woord verkondig en hierdie dinge sê, is die eerste salwing wat verklaar dat God hier is, wat dieselfde ding doen. Glo jy met jou hele hart?


Hoeveel van julle wil die Heilige Gees ontvang? Steek jou hand op, sê: “Ek wil graag die Heilige Gees ontvang.”



<sup>274</sup> Die pastoor sê vir my daar's 'n kamer reg *daar* onder, wag net vir iemand om af te kom om te wees, in te gaan om voor gebid te word. Waarom ontvang julle Dit nie? Gaan soontoe en— en ontvang die Heilige Gees.

Laat ons almal op ons voete staan, op een slag. Laat ons ons hande opsteek, en God prys, almal, op julle eie manier. Moenie . . . Glo net.

<sup>275</sup> Hemelse Vader, ek gee lof en eer aan U, vir al die magtige werke, vir al die dinge wat U gedoen het. U is die onfeilbare God, U is die Een wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, U faal nooit.

<sup>276</sup> Nou, sit julle hande oorkant op mekaar, lê julle hande op mekaar om genees te word, en ontvang die Heilige Gees. Nou, bid vir daardie persoon, bid vir mekaar. Bo in die balkon, daarbo, sit julle hande op mekaar, bid vir mekaar, dat julle die Heilige Gees mag ontvang. As julle nie sal twyfel nie, sal God elkeen van julle die doop van die Heilige Gees gee, en sal elkeen genees. 

61-0216 Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God #1  
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach  
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.  
[www.branham.org](http://www.branham.org)

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

[www.branham.org](http://www.branham.org)